NOORD-GAUTENG STOEI

GRONDWET

22 Oktober 2003

INHOUDSOPGAWE

ARTIKEL 1 - WOORDOMSKRYWING 1

ARTIKEL 2 - NAAM 3

ARTIKEL 3 - REGSPERSOONLIKHEID 3

ARTIKEL 4 - HOOFKANTOOR 3

ARTIKEL 5 - GEBIED 3

ARTIKEL 6 - DOELSTELLINGS 3

ARTIKEL 7 - AFFILIASIE 4

ARTIKEL 8 - AFFILIASIE EN ANDER GELDE 5

ARTIKEL 9 - LIDMAATSKAP EN VOORWAARDES VAN GEAFFILIEERDE LIDMAATSKAP 5

9.1 LIDMAATSKAP 5
9.2 VOORWAARDES VIR GEAFFILIEERDE LIDMAATSKAP 6
9.3 VERSLAE VAN GEAFFILIEERDE STOEIKLUBS 6
9.4 VERBODSBEPALINGS 6

ARTIKEL 10 - STRUKTUUR : ORGANISASIE EN BESTURE 7

10.1 ALGEMENE JAARVERGADERING 8
10.2 DATUM, TYD EN PLEK VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING 8
10.3 KENNISGEWING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING EN DIE AGENDA PUNTE VAN SODANIGE VERGADERING 8
10.4 KWORUMS VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING 8
10.5 GEBREK AAN KWORUMS 9
10.6 BEVOEGDHEID VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING 9
10.7 PROSEDURE EN VOLGORDE BY DIE VERKIESING VAN AMPSDRAERS 9
10.8 STEMMING 11
10.9 STAKING VAN STEMME 11

ARTIKEL 11 - SPESIALE ALGEMENE VERGADERING 11

11.1 KONSTITUERING 11
11.2 BELÊ VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING 11
11.3 KENNISGEWING 12
11.4 STEMREG/KWORUM/STEMMING 12

ARTIKEL 12 - ALGEMENE BESTUUR 12

12.1 SAMESTELLING 12
12.2 DATUMS TYD EN PLEKKE VAN ALGEMENE BESTUURSVERGADERINGS 12
12.3 KENNISGEWING VAN ALGEMENE BESTUURSVERGADERINGS 12
12.4 STEMMING 12
12.5 STAKING VAN STEMME 13
12.6 KWORUMS MET DIE ALGEMENE BESTUURSVERGADERING 13
12.7 GEBREK AAN KWORUMS 13
12.8 BEVOEGDHEID VAN DIE ALGEMENE BESTUUR 13

ARTIKEL 13 - DIE UITVOERENDE BESTUUR 14

13.1 SAMESTELLING 14

13.2 VAKATURE OP DIE UITVOERENDE BESTUUR 14
13.3 DATUMS EN PLEKKE VAN VERGADERINGS VAN UITVOERENDE BESTUUR 15
13.4 KWORUMS VIR UITVOERENDE BESTUURSVERGADERINGS 15
13.5 GEBREK AAN KWORUMS 15
13.6 WYSE VAN STEMMING 15
13.7 STAKING VAN STEMME 15
13.8 BEVOEGDHEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR 15
13.9 ONTHEFFING VAN AMP 17
13.10 PLIGTE VAN LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR 17

ARTIKEL 14 - HERROEPING EN WYSIGING VAN BESLUITE 19

ARTIKEL 15 - SAMESTELLING, BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN KOMITEES 20

15.1 DIE BEAMPTERAAD 20
15.2 DIE AFRIGTERSKOMITEE 20
15.3 DIE ADMINISTRATIEWE KOMITEE 21
15.4 DIE MEDIESE KOMITEE 21
15.5 DIE SPANBESTUURDERSKOMITEE 22

ARTIKEL 16 - DIE GRONDWET 22

16.1 WERKING 22
16.2 VERSOENING 22
16.3 VERTOLKING 22

ARTIKEL 17 - BOEKJAAR 22

ARTIKEL 18 - ONTBINDINGSKLOUSULE 23

18.1 VERENIGING 23
18.2 ONTBINDING VAN KLUBBESTUUR DEUR DIE VERENIGING 23
18.3 BATES VAN STOEIKLUBS 23

ARTIKEL 19 - MEDIESE GESKIKTHEID 23

ARTIKEL 20– VRYWARING 24

BYLAE I 25

LEWENSLANGE ERELIDMAATSKAP 25

BYLAE II 26

KLEURE EN DIE REëLS VIR TOEKENNING 26

BYLAE III 29

REGLEMENT VAN DIE BEAMPTERAAD 29

BYLAE IV 36

REGLEMENT VAN DIE AFRIGTERSKOMITEE 36

BYLAE V 42

REGLEMENT VAN DIE ADMINISTRATIEWE KOMITEE 42

BYLAE VI 45

REGLEMENT VAN DIE MEDIESE KOMITEE 45

BYLAE VII 46

REGLEMENT VAN DIE SPANBESTUURDERSKOMITEE 46

NOORD-GAUTENG STOEI

GRONDWET

ARTIKEL 1 - WOORDOMSKRYWING

In hierdie Grondwet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken

1.1	"SASF"	-	Die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie
1.2	“FEDERASIE”	-	Die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie
1.3	“FILA”	-	Die "Federation International des Luttes Amateur”
1.4	“REëLS”	-	Die stoeireëls van FILA, die SASF en enige goedgekeurde NGS reëls
1.5	“NGS”	-	Noord-Gauteng Stoei
1.6	“VERENIGING”	-	Noord-Gauteng Stoei
1.7	BESTURE		
(a)	“ALGEMENE BESTUUR”	-	Die Algemene Bestuur van NGS
(b)	“UITVOERENDE BESTUUR”	-	Die Uitvoerende Bestuur van NGS
1.8	KOMITEES		
	(a) “BEAMPTERAAD”	-	Die Beampteraad van NGS
	(b) “AFRIGTERSKOMITEE”	-	Die Afrigterskomitee van NGS
	(c) “ADMINISTRATIEWE KOMITEE”	-	Die Administratiewe Komitee van NGS
	(d) “MEDIESE KOMITEE”	-	Die Mediese Komitee van NGS
	(e) “SPANBESTUURDERS KOMITEE”	-	Die Spanbestuurderskomitee van NGS
1.9	“GEAFFILIEERDE STOEIKLUBS”	-	Waar daar in hierdie Grondwet na geaffilieerde stoeiklubs verwys word, sluit dit in alle stoeiklubs wat in landdrosdistrikte gesetel is wat onder die jurisdiksie van NGS val.
1.10	“STOEIKLUBS”	-	Geaffilieerde stoeiklubs
1.11	“DAG” en “DAE”	-	Kalenderdag.

1.12	"ALGEMENE JAARVERGADERING"	-	'n Vergadering soos bedoel in artikel 10.1
1.13	"SPESIALE ALGEMENE VERGADERING"	-	'n Vergadering soos bedoel in artikel 11

Enige verwysing in hierdie Grondwet na die manlike geslag sluit ook in 'n verwysing na die vroulike geslag en andersom.

ARTIKEL 2 - NAAM

Die naam van die Vereniging is Noord-Gauteng Stoei.

ARTIKEL 3 - REGSPERSOONLIKHEID

3.1 Die Vereniging:
(a) is met regsbevoegdheid beklee;
(b) voer 'n selfstandige bestaan;
(c) kan in eie naam regshandeling aangaan en regsgedinge voer; en
(d) kan in eie naam eiendom besit, verkry, vervreem, verband of beswaar en huur of verhuur.

3.2 Die Vereniging spreek aan of word aangespreek in eie naam en alle prosesstukke word op die President beteken.

ARTIKEL 4 - HOOFKANTOOR

Die Hoofkantoor van die Vereniging is te Pretoria gesetel.

ARTIKEL 5 - GEBIED

Alle stoeiklubs wat binne die ondervermelde landdrosdistrikte geleë is, ressorteer onder die jurisdiksie van hierdie Vereniging:
Pretoria, Brits, Bronkhorstspruit, Cullinan, Rustenburg , Wonderboom en Soshanguve.

ARTIKEL 6 - DOELSTELLINGS

Die doelstellings en strewe van die Vereniging is om:

6.1 Stoei binne die grense van die Vereniging volgens die reëls en voorskrifte wat van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering, 'n Spesiale Algemene Vergadering, die Algemene Vergadering en die Uitvoerende Bestuur uitgereik en goedgekeur is, te bestuur.

6.2 Voortdurend op die hoogte te bly met die reëls soos deur FILA en die SASF voorgeskryf en om toe te sien dat alle wedstryde volgens die reëls en huishoudelike reëls plaasvind.

6.3 Die sport op so 'n wyse te bestuur dat die welsyn en belang van die deelnemers altyd voorrang geniet.

6.4 Kampioenskappe en proewe te hou en spanne en beamptes te kies om die Vereniging te verteenwoordig.

6.5 Alle stoeibyeenkomste binne die grense van die Vereniging, gehou of gereël deur ‘n stoeiklub, wat nie kragtens hierdie Grondwet of die reëls en voorskrifte van die Federasie en/of hierdie Vereniging aangebied word nie, te verbied.

6.6 Klagtes en appèlle van geaffilieerde stoeiklubs en/of persone aan te hoor en te besleg.

6.7 Kleure of ander toekennings van die Vereniging te maak en aanbevelings by die SASF te doen vir die toekenning van kleure of ander toekennings van die Federasie aan persone wat daarvoor kwalifiseer.

6.8 Nie na winsbejag vir homself en/of sy lede te streef nie.

6.9 Bates in verskillende vorms te ontvang, verkry, vervreem, verpand of beswaar en/of huur of verhuur in sover dit nodig mag wees vir die verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging.

6.10 Affiliasie- en ander gelde waarop die Algemene Bestuur van tyd tot tyd mag besluit namens die Vereniging te hef, in te vorder en slegs ten behoewe van stoei aan te wend.

6.11 Ontwikkelingsprogramme sonder enige vorm van diskriminasie gegrond op ras, geslag, politieke- of geloofsoortuiging van stapel te stuur.

6.12 Alle ander sake te bestuur wat van tyd tot tyd nodig mag wees om stoei in die algemeen te bevorder.

6.13 Skolestoei as strategiese doelwit as ’n self onderhoudende funksie met ’n eie reglement binne die raamwerk van die huidige bestuur en onderworpe aan hierdie Grondwet te vestig en te bevorder.

ARTIKEL 7 - AFFILIASIE

7.1 Die Vereniging affilieer jaarliks by die SASF en handel volgens die Grondwet, reëls, reglemente en voorskrifte van die Federasie.

7.2 Enige stoeiklub binne die grense van die Vereniging moet jaarliks by die Vereniging affilieer onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur. Affiliasie is onderhewig daaraan dat sodanige stoeiklub moet voldoen aan die bepalings van die Grondwet en reglemente daartoe en hom moet onderwerp aan die reëls, gedragskodes en voorskrifte van die Vereniging.

7.3 ‘n Stoeiklub wat by die Vereniging wil affilieer moet sodanige versoek op die voorgeskrewe vorm rig en die volgende stukke moet so ‘n aansoek vergesel:

7.3.1 Die goedgekeurde grondwet van die stoeiklub wat aansoek doen om affiliasie by eerste aansoek of by wysiging van ’n stoeiklub se bestaande grondwet;

7.3.2 ‘n lys van name met adresbesonderhede van alle ampsdraers wat ingevolge die stoeiklub se grondwet op besture en komitees verkies is;

7.3.3 ’n lys van die aantal stoeiers, afrigters en beamptes met ‘n uiteensetting van die gradering van afrigters en beamptes;

7.3.4 die goedgekeurde finansiële state (balanstaat en inkomste en uitgawestaat) van ‘n pas afgelope finansiële jaar; en

7.3.5 ’n lys van alle bates (bateregister) waaroor die stoeiklub beheer uitoefen met ’n uiteensetting van die eiendomsreg van sodanige bates.

7.4 Aansoeke om affiliasie moet op ‘n datum wat jaarliks deur die Uitvoerende Bestuur bepaal sal word, by die Sekretaris van die Vereniging ingedien word.

7.5 Die affiliasiegelde wat jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging bepaal word, moet die aansoek om affiliasie vergesel.

ARTIKEL 8 - AFFILIASIE EN ANDER GELDE

8.1 Geen stoeiklub het stemreg of word toegelaat om aan stoeibedrywighede buite of binne die Vereniging deel te neem nie, tensy die jaarlikse affiliasie en/of ander gelde wat deur die Algemene Bestuur gehef is, of wat aan die Vereniging verskuldig is, betaal is nie.

8.2 Die Vereniging sal geregtig wees om ’n eenmalige sekuriteitsdekkingsbedrag te hef van elke stoeiklub wat aansoek doen om affiliasie. Die omvang van die sekuriteitsdekkingsbedrag sal van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur bepaal word en moet teen die einde van Meimaand aan die Vereniging oorbetaal wees.

8.3 Die sekuriteitsdekkingsbedrag na verwys in subartikel 8.2 sal in trust gehou word deur die Vereniging met die oog op die behoorlike nakoming van elke stoeiklub se finansiële verpligtinge teenoor die Vereniging.

8.4 Enige rente verdien deur ‘n sekuriteitsdekkingsbedrag na verwys in subartikel 8.2 sal die Vereniging toekom en geen stoeiklub sal aanspraak maak op sodanige rente nie.

8.5 Indien ‘n stoeiklub vir ‘n tydperk van twee (2) maande nie sy finansiële verpligtinge teenoor die Vereniging aansuiwer nie, mag die Penningmeester van die Vereniging onmiddellik die sekuriteitsdekkingsbedrag van so ‘n stoeiklub verhoog met ‘n bedrag gelykstaande aan vyftig persent (50%) van die oorspronklike sekuriteitsdekkingsbedrag na verwys in subartikel 8.2 waarna sodanige bedrag onmiddellik aan die Vereniging betaal moet word.

8.6 Geen stoeiklub en/of persoon het stemreg of mag hom verkiesbaar stel tot enige amp en/of komitee van die Vereniging indien sodanige persoon en/of stoeiklub enige gelde aan die Vereniging verskuldig is nie.

8.7 Affiliasiegelde kan met die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur verminder word vir 'n stoeiklub wat in die loop van ‘n jaar vir die eerste maal by die Vereniging affilieer.

8.8 Registrasiegelde soos wat van tyd tot tyd deur die Algemene Bestuur bepaal word, moet jaarliks vir elke stoeier deur geaffilieerde stoeiklubs aan die Vereniging oorbetaal word.

8.9 Stoeiers wat later in die jaar by ‘n stoeiklub aangesluit het, se registrasiegelde moet aan die Vereniging oorbetaal word binne een maand nadat die stoeier aangesluit het.

8.10 Geen persoon mag aan enige stoei of stoei-oefeninge by 'n geaffilieerde stoeiklub deelneem indien die registrasiegelde van sodanige stoeier nog nie by die geaffilieerde stoeiklub inbetaal is nie.

8.11 Die Vereniging is nie aanspreeklik vir enige uitgawes wat deur deelnemers en/of beamptes en/of afrigters en/of administratiewe personeel aangegaan word ten opsigte van kampioenskappe, proewe en/of ander stoei-aangeleenthede waarby die Vereniging betrokke is nie, maar die Vereniging stel hom ten doel om sover dit binne sy finansiële vermoë val, redelike koste vir reis en verblyf vir bogenoemde persone te betaal.

ARTIKEL 9 - LIDMAATSKAP EN VOORWAARDES VAN GEAFFILIEERDE LIDMAATSKAP

9.1 LIDMAATSKAP

9.1.1 Lidmaatskap van die Vereniging sal deur affiliasie verkry word deur 'n stoeiklub wie se aansoek om lidmaatskap volgens die bepalings van artikel 7 deur die Uitvoerende Bestuur goedgekeur is.

9.1.2 Die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging besluit oor aansoeke om lidmaatskap en sal verplig wees om redes oor enige besluit wat geneem is, op aanvraag van die aansoeker(s) of instansie te verstrek.

9.2 VOORWAARDES VIR GEAFFILIEERDE LIDMAATSKAP

9.2.1 Geaffilieerde stoeiklubs sal bestaan uit stoeiklubs wat kragtens die bepalings van artikels 5, 7 en 8 geaffilieer is.

9.2.2 Elke geaffilieerde stoeiklub mag onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur, sy eie Kleure en/of Embleem registreer.

9.2.3 Geaffilieerde stoeiklubs het die bevoegdheid om ooreenkomstig die reëls en voorskrifte van die Vereniging, beheer uit te oefen oor en reëlings te tref in verband met alle stoei-aangeleenthede waaroor die stoeiklub jurisdiksie het.

9.2.4 Geaffilieerde stoeiklubs moet alle geskille, besware en/of wanoptredes wat binne hul bevoegdheid val, ondersoek, aanhoor en daaroor beslis. Tugmaatreëls wat deur 'n stoeiklub toegepas is, is in geval van ’n appèl daarteen onderhewig aan die goedkeuring en/of wysiging van die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging ingevolge die reëls en/of prosedures soos bepaal deur die Uitvoerende Bestuur van tyd tot tyd.

9.2.5 Veranderinge in die bestuur van geaffilieerde stoeiklubs wat gedurende die jaar plaasvind, moet onmiddellik en skriftelik aan die Sekretaris van die Vereniging gerapporteer word.

9.2.6 Geaffilieerde stoeiklubs mag nie van oefenlokaal en/of naam verander en sy kleure of embleem sonder die toestemming van die Uitvoerende Bestuur wysig nie. Die perseel waar sodanige stoeiklub sy oefenlokaal wil setel moet deur die Uitvoerende Bestuur goedgekeur word.

9.3 VERSLAE VAN GEAFFILIEERDE STOEIKLUBS

9.3.1 Alle geaffilieerde stoeiklubs moet behoorlik boekhou van hul inkomste en uitgawes en moet die Uitvoerende Bestuur jaarliks voor die Algemene Jaarvergadering voorsien van 'n finansiële verslag wat deur die Algemene Bestuur van die stoeiklub goedgekeur is.

9.3.2 Enige geaffilieerde stoeiklub moet, indien dit deur die Uitvoerende Bestuur verlang word, 'n verslag van sy werksaamhede binne dertig (30) dae aan die Sekretaris besorg soos deur die Uitvoerende Bestuur aangevra.

9.4 VERBODSBEPALINGS

9.4.1 Geen stoeiklub en/of persoon wat onder skorsing is en/of wie se skorsing vir ‘n tydperk op sekere voorwaardes opgeskort is, mag gedurende die tydperk van sodanige skorsing en/of opgeskorte skorsing op enige Bestuur en/of komitee van die Vereniging verkies word nie.

9.4.2 Geen persoon mag van meer as een geaffilieerde stoeiklub 'n lid wees nie. 'n Persoon neem alleenlik deel onder die naam van die stoeiklub waarvan hy ’n geregistreerde lid is.

9.4.3 'n Persoon wat reeds 'n geregistreerde lid van 'n stoeiklub binne hierdie Vereniging is/was, mag hom nie by 'n ander stoeiklub registreer nie, tensy sodanige persoon al sy geldelike verpligtinge (wat insluit die teruggawe van alle roerende bates van sodanige stoeiklub) teenoor sy oorspronklike stoeiklub nagekom het nie.

9.4.4 'n Stoeiklub mag nie 'n persoon wat reeds 'n geregistreerde lid van 'n stoeiklub is, as lid registreer nie, tensy sodanige persoon voorsien is van 'n vrystellingsbrief van die stoeiklub waar hy reeds geregistreer is/was en waarin duidelik aangedui is dat die persoon al sy geldelike verpligtinge teenoor sodanige stoeiklub nagekom het. Afskrif van sodanige vrystellingsbrief moet aan die Uitvoerende Bestuur beskikbaar gestel word. In geval van ‘n dispuut tussen ‘n persoon(e) en ‘n stoeiklub of tussen stoeiklubs mag een van die betrokke partye die aangeleentheid na die Uitvoerende Bestuur verwys vir ‘n beslissing nadat die Uitvoerende Bestuur beide partye die geleentheid gebied het om hul kant van die saak te stel.

9.4.5 Geen stoeier, ampsdraer, beampte, afrigter of spanbestuurder mag aan enige ongeoorloofde stoei en/of stoei-aangeleenthede deelneem nie.

9.4.6 Slegs geregistreerde stoeiers mag toegelaat word om in te skryf vir, en/of te stoei in kampioenskappe, proewe en/of ander stoeibyeenkomste wat onder die beskerming van die Vereniging gehou word.

9.4.7 'n Stoeier wat reeds aan stoeikampioenskappe, proewe en/of wedstryde van hierdie Vereniging deelgeneem het, kan nie in dieselfde jaar aan stoeikampioenskappe, proewe en/of wedstryde van 'n ander Vereniging (wat ook by die SASF geaffilieer is), deelneem nie, tensy die Uitvoerende Bestuur goedkeuring daartoe verleen. Net so sal 'n stoeier wat aan stoeikampioenskappe, proewe en/of wedstryde van 'n ander Vereniging deelgeneem het, nie toegelaat word om in dieselfde jaar aan stoeikampioenskappe, proewe en/of wedstryde van hierdie Vereniging deel te neem nie, tensy die goedkeuring van sodanige ander Vereniging voorgelê word.

9.4.8 Geen persoon wat op die bestuur van 'n ander stoeivereniging en/of van 'n stoeiklub buite hierdie Vereniging dien, mag op die bestuur en/of ‘n komitee van hierdie Vereniging verkies word nie. Hierdie verbodsbepaling verhinder nie 'n beampte of afrigter wat by 'n ander stoeivereniging en/of 'n stoeiklub buite hierdie Vereniging geregistreer is, om op uitnodiging van hierdie Vereniging en/of 'n stoeiklub, binne hierdie Vereniging op te tree nie.

9.4.9 Geen persoon het enige reg op, titel of belang in die fondse en/of ander bates van die Vereniging nie. Alle inkomste, eiendom en/of bates word uitsluitlik aangewend ter bevordering van die Vereniging se doelstellings, soos in die Grondwet bepaal en geen gedeelte van sodanige bates word in die vorm van dividende, bonusse en/of winste aan enige persoon oorgedra nie. Die voorafgaande belet egter nie die bona fide betaling aan enige lid van gelde deur hom in diens van die Vereniging uitgegee, honoraria aan onbetaalde beamptes van die Vereniging, of salarisse en/of ander uitgawes en vergoeding aan 'n persoon of persone deur die Vereniging in diens geneem nie.

9.4.10 Geen lid van die Uitvoerende Bestuur mag as ouditeur vir die Vereniging benoem word nie.

ARTIKEL 10 - STRUKTUUR : ORGANISASIE EN BESTURE

10.1 ALGEMENE JAARVERGADERING

10.1.1 Die Algemene Jaarvergadering is die hoogste gesag van die Vereniging en bestaan uit die volgende:

(a) 'n Beskermheer
(b) 'n Erepresident
(c) 'n Ere Vise-president
(d) 'n President
(e) 'n Vise-president
(f) 'n Sekretaris
(g) 'n Hulpsekretaris
(h) 'n Penningmeester
(i) 'n Saalbestuurder
(j) 'n Spanbestuurder
(k) ‘n Bemarkingskoördineerder
(l) ‘n Ontwikkelingskoördineerder
(m) Die Voorsitter van die Beampteraad
(n) Die Voorsitter van die Afrigterskomitee
(o) Die Voorsitter van die Administratiewe Komitee
(p) Die Voorsitter van die Mediese Komitee
(q) Al die Lewenslange Erelede (maksimum 8)
(r) Alle geaffilieerde stoeiklubs met volle lidmaatskap wat geregtig is om die volgende aantal verteenwoordigers uit hul stoeiklub na die Algemene Jaarvergadering af te vaardig:

(i) stoeiklubs met veertig (40) en minder geaffilieerde stoeiers - twee (2) verteenwoordigers,
(ii) vir elke twintig (20) bykomende geaffilieerde stoeiers - een (1) addisionele verteenwoordiger met 'n maksimum van vyf (5) verteenwoordigers met dien verstande dat; geen stoeiklub en/of persoon stemreg het en/of hom tot enige amp en/of komitee verkiesbaar mag stel, indien sodanige stoeiklub en/of persoon enige gelde aan die Vereniging verskuldig is nie en met dien verstande voorts dat geen stoeiklub en/of persoon stemreg het of hom verkiesbaar mag stel nie, indien sodanige stoeiklub en/of persoon onder skorsing is, of die skorsing van sodanige stoeiklub en/of persoon op sekere voorwaardes opgeskort is.

10.2 DATUM, TYD EN PLEK VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging moet normaalweg, indien omstandighede dit regverdig, voor die einde van Desember van elke jaar op 'n datum, tyd en plek soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal, gehou word.

10.3 KENNISGEWING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING EN DIE AGENDA PUNTE VAN SODANIGE VERGADERING

Die Sekretaris gee skriftelik kennis van die Algemene Jaarvergadering aan die Ere ampsdraers, alle lede van die Uitvoerende Bestuur, Lewenslange Erelede, en alle geaffilieerde stoeiklubs, minstens dertig (30) dae voor die datum waarop die vergadering moet plaasvind en daarna afskrifte van die tersaaklike Agendapunte (met inagneming van die bepalings van subartikel 10.6.1 (j)).

10.4 KWORUMS VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Op die Algemene Jaarvergadering vorm die helfte plus een (1) van al die verteenwoordigers in subartikel 10.1.1 genoem, 'n kworum.

10.5 GEBREK AAN KWORUMS

Indien daar nie binne 'n halfuur na die vasgestelde tyd vir die Algemene Jaarvergadering 'n kworum teenwoordig is nie, word die vergadering vir 'n tydperk of na ‘n datum soos deur die Voorsitter (die President of sy gevolmagtigde) bepaal, uitgestel. Indien daar by die uitgestelde vergadering weer nie 'n kworum teenwoordig is nie, vorm die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum en behartig so 'n vergadering die sake waarvoor die oorspronklike vergadering belê is.

10.6 BEVOEGDHEID VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

10.6.1 Die Algemene Jaarvergadering vergader eenkeer per jaar om alleenlik die volgende sake af te handel:

(a) Oorweging van voorstelle ter wysiging van die Grondwet en wysigings van die Grondwet wat aanvaar word, goed te keur.

(b) Oorweging en goedkeuring van die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering en enige Spesiale Algemene Vergadering wat sedert die vorige Algemene Jaarvergadering gehou is.

(c) Behandeling van die geouditeerde finale finansiële verslag.

(d) Oorweging van honoraria.

(e) Oorweging van en goedkeuring van Erelidmaatskap.

(f) Benoeming van ouditeure.

(g) Kennisname van verslae van komitees.

(h) Oorweging van die President se jaarverslag (onder voorsitterskap van die Ere-president).

(i) Verkiesing van ampsdraers.

(j) Enige stoeiverwante aangeleentheid wat deur enige 10 lede van die Algemene Jaarvergadering by wyse van skriftelike versoek op die agenda geplaas is minstens 20 dae voor die datum van die Algemene Vergadering met dien verstande dat sodanige 10 lede die skriftelike versoek moet mede-onderteken.

10.7 PROSEDURE EN VOLGORDE BY DIE VERKIESING VAN AMPSDRAERS

10.7.1 Alle verkiesings geskied onder die voorsitterskap van die dienende President.

10.7.2 Die verkiesing van Ere ampsdraers:

(a) Die Uitvoerende Bestuur asook geaffilieerde stoeiklubs nomineer persone vir die ampte van Beskermheer, Ere-president en Ere Vise-president. Voormelde Ere ampsdraers se verkiesing geskied eenmalig en die verkose ampsdraers beklee die poste lewenslank.

(b) Vakatures vir die voormelde poste ontstaan slegs deur middel van bedanking of afsterwe behoudens die bepalings van artikel 13.8.1 (q).

(c) Dit is nie 'n vereiste dat voormelde poste gevul moet wees nie.

10.7.3 Alle ampsdraers van die Vereniging (behalwe die Voorsitter van die Beampteraad, die Voorsitter van die Afrigterskomitee , die Voorsitter van die Administratiewe Komitee en die Voorsitter van die Mediese Komitee wat ingevolge die bepalings van artikel 15.1, 15.2 ,15.3 en 15.4 verkies is en wat *ex officio* lede van die Uitvoerende Bestuur is), word in die volgorde soos hierna genoem, op die Algemene Jaarvergadering gekies:

(a) Die President
(b) Die Vise-president
(c) Die Sekretaris
(d) Die Hulpsekretaris
(e) Die Penningmeester
(f) Die Saalbestuurder
(g) Die Spanbestuurder
(h) Die Bemarkingskoördineerder
(i) Die Ontwikkelingskoördineerder

10.7.4 Lede van die Uitvoerende Bestuur wat nie herkies word nie, behou stemreg vir die volle duur van die betrokke Algemene Jaarvergadering.

10.7.5 Nominasies vir ampsdraers van die Vereniging word jaarliks deur geaffilieerde stoeiklubs van die Vereniging en die Uitvoerende Bestuur gedoen.

10.7.6 Genomineerdes moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Moet oor bewese bestuursvaardighede en ondervinding van die administrasie van stoei beskik.

(b) Moet vir ten minste twee jaar, gedurende die voorafgaande vyf jaar, op een of meer van die volgende besture gedien het; die Bestuur van 'n stoeiklub of die Uitvoerende Bestuur van 'n Stoeivereniging of die Uitvoerende Bestuur van die SASF, Beampteraad van 'n Stoeivereniging of van die SASF, die Afrigterskomitee van 'n Stoeivereniging of van die SASF , die Administratiewe Komitee van 'n Stoeivereniging of van die SASF en die Mediese Komitee van 'n Stoeivereniging of van die SASF.

(c) Vir die amp van Penningmeester moet die genomineerde verder ook oor bewese rekeningkundige vaardighede beskik en instaat wees om die Vereniging se finansiële state op te stel.

10.7.7 Nominasies geskied skriftelik per amp en moet die volgende inligting bevat:

(a) Volledige besonderhede van die genomineerde:

(i) Volle voorname en van;
(ii) Volledige woon- en posadres; en
(iii) Huis- en besigheidstelefoonnommer.

(b) Volledige Curriculum Vitae van die genomineerde se stoei betrokkenheid en ander tersaaklike ondervinding en kwalifikasies.

10.7.8 Genomineerde kandidate moet skriftelik te kenne gee of hulle die nominasie aanvaar en of hulle gewillig en bereid is om op die Uitvoerende Bestuur te dien. Dit moet die nominasie vergesel.

10.7.9 Skriftelike nominasies moet ten minste 20 dae voor die Vereniging se Algemene Jaarvergadering, of op 'n datum wat deur die Uitvoerende Bestuur bepaal word, by die Sekretaris van die Vereniging ingedien word.

10.7.10 'n Lys van genomineerdes moet ten minste 14 dae voor die Vereniging se Algemene Jaarvergadering aan geaffilieerde stoeiklubs van die Vereniging gesirkuleer word.

10.8 STEMMING

10.8.1 Slegs lede teenwoordig is stemgeregtig.

10.8.2 Ampsdraers word met 'n volstrekte meerderheid verkies.

10.8.3 Tydens die Algemene Jaarvergadering word deur die opsteek van hande gestem, behalwe by die verkiesing van ampsdraers en komitees in welke geval stemming per geheime stembrief sal geskied.

10.8.4 In gevalle waar meer as een persoon vir 'n bestuur en/of komitee of taak gekies moet word, is elke stemgeregtigde wat stem, verplig om die vereiste aantal name wat vir die bestuur en/of komitee of taak nodig is, op die stembrief uit te bring. Indien die vereiste aantal name nie op die stembrief uitgebring is nie, word sodanige stembrief as bedorwe beskou.

10.8.5 Stemming per geheime stembrief oor enige saak kan deur enige lid van die vergadering aangevra word. Die vergadering beslis in so 'n geval self oor die wyse van stemming.

10.9 STAKING VAN STEMME

In 'n geval van staking van stemme het die Voorsitter, behalwe sy gewone stem, ook 'n beslissende stem en is hy verplig om sy beslissende stem uit te bring.

ARTIKEL 11 - SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

11.1 KONSTITUERING

11.1.1 ‘n Spesiale Algemene Vergadering is ‘n vergadering van die Vereniging wat gekonstitueer word deur verteenwoordigers soos in subartikel 10.1.1 gestipuleer en vergader op ‘n datum, tyd en plek wat deur die Uitvoerende Bestuur bepaal word.

11.2 BELê VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

11.2.1 ‘n Spesiale Algemene Vergadering word op versoek van die Uitvoerende Bestuur en/of die Algemene Bestuur en/of op die skriftelike versoek van 15 lede van die Algemene Jaarvergadering belê om gedurende die loop van die jaar spoedeisende voorstelle ter

wysiging van hierdie Grondwet, enige dringende stoeiverwante aangeleentheid (waar dit skriftelik versoek is deur 15 lede van die Algemene Vergadering); en/of die ontbinding van die Vereniging te oorweeg en daaroor te beslis.

11.3 KENNISGEWING

11.3.1 Die Sekretaris gee skriftelik kennis van ‘n Spesiale Algemene Vergadering aan die Ere ampsdraers, alle lede van die Uitvoerende Bestuur, Lewenslange Erelede, en alle geaffilieerde stoeiklubs minstens 30 (dertig) dae voor die datum waarop die Spesiale Algemene Vergadering plaasvind, of sodanige ander kennisgewingstydperk as wat die Uitvoerende Bestuur bepaal.

11.4 STEMREG/KWORUM/STEMMING

11.4.1 Die bepalings met betrekking tot stemreg, kennisgewings, kworums en stemming soos van toepassing by Algemene Jaarvergaderings is mutatis mutandis van toepassing op Spesiale Algemene Vergaderings behalwe in geval van ‘n Spesiale Algemene Vergadering wat belê is as gevolg van die skriftelike versoek van 15 lede van die Algemene Vergadering in welke geval die vergadering sonder bespreking moet besluit of die aangeleentheid(hede) wel as “dringend” geklassifiseer moet word. Indien daar by meerderheidstem besluit word dat die aangeleentheid nie dringend geklassifiseer word nie is die vergadering (met betrekking tot daardie aangeleentheid) afgehandel en word dit verdaag. Indien besluit word dat die aangeleentheid wel dringend geklassifiseer word sal normaalweg voortgegaan word met die vergadering.

ARTIKEL 12 - ALGEMENE BESTUUR

12.1 SAMESTELLING

12.1.1 Die Algemene Bestuur word saamgestel uit verteenwoordigers soos in subartikel 10.1.1 bedoel.

12.1.2 Geen stoeiklub en/of persoon het stemreg indien sodanige stoeiklub en/of persoon enige gelde aan die Vereniging verskuldig is nie.

12.1.3 Geen stoeiklub en/of persoon het stemreg terwyl sodanige stoeiklub en/of persoon onder skorsing is, of terwyl sodanige stoeiklub en/of persoon se skorsing opgeskort is nie.

12.2 DATUMS TYD EN PLEKKE VAN ALGEMENE BESTUURSVERGADERINGS

Die Algemene Bestuur vergader so dikwels as wat nodig mag wees vir die afhandeling van sake op 'n datum, tyd en plek soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal.

12.3 KENNISGEWING VAN ALGEMENE BESTUURSVERGADERINGS

Die Sekretaris gee skriftelik kennis van die Algemene Bestuursvergadering aan die Ere ampsdraers, al die lede van die Uitvoerende Bestuur, Lewenslange Erelede, en alle geaffilieerde stoeiklubs minstens sewe (7) dae voor die datum waarop die vergadering moet plaasvind.

12.4 STEMMING

12.4.1 Tydens 'n Algemene Bestuursvergadering word deur die opsteek van hande gestem, behalwe by die verkiesing van ampsdraers in welke geval stemming per geheime stembrief geskied.

12.4.2 In gevalle waar meer as een persoon vir 'n bestuur, komitee en/of taak gekies moet word, is elke stemgeregtigde wat stem verplig om die vereiste aantal name wat vir die bestuur, komitee en/of taak nodig is, op die stembrief uit te bring. Indien die vereiste aantal name nie op 'n stembrief uitgebring is nie, sal sodanige stembrief as bedorwe beskou word.

12.4.3 Stemming per geheime stembrief oor enige saak kan deur enige lid van die vergadering aangevra word. Die vergadering beslis in so 'n geval self oor die wyse van stemming.

12.4.4 Slegs lede teenwoordig het stemreg.

12.5 STAKING VAN STEMME

In geval van staking van stemme het die Voorsitter behalwe sy gewone stem, ook 'n beslissende stem en is hy verplig om sy beslissende stem uit te bring.

12.6 KWORUMS MET DIE ALGEMENE BESTUURSVERGADERING

Op 'n Algemene Bestuursvergadering vorm die helfte plus een (1) van al die verteenwoordigers genoem in subartikel 10.1.1 'n kworum.

12.7 GEBREK AAN KWORUMS

Indien daar nie binne 'n halfuur na die vasgestelde tyd vir 'n vergadering van 'n Algemene Bestuur 'n kworum teenwoordig is nie, word die vergadering vir 'n tydperk of na ‘n datum soos deur die Voorsitter bepaal, uitgestel. Indien daar by die uitgestelde vergadering weer nie 'n kworum teenwoordig is nie, vorm die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum en behartig so 'n vergadering die sake waarvoor die oorspronklike vergadering belê is.

12.8 BEVOEGDHEID VAN DIE ALGEMENE BESTUUR

12.8.1 Die Algemene Bestuur behartig die sake van die Vereniging na goeddunke en het die bevoegdheid om:

(a) By die eerste vergadering van die Algemene Bestuur in die betrokke jaar die begroting vir die Vereniging vir daardie finansiële jaar te oorweeg en daaroor te besluit en om in enige stadium daarna wysigings daaraan te oorweeg op aanbeveling van die Uitvoerende Bestuur.

(b) Lede te kies om vakatures wat op die Uitvoerende Bestuur ontstaan te vul.

(c) Met uitsondering van spesifieke bevoegdhede en funksies wat met volmag aan die Uitvoerende Bestuur opgedra is, is enige besluit van enige bestuur, komitee en/of subkomitee aan die goedkeuring van die Algemene Bestuur onderhewig en die Algemene Bestuur kan na goeddunke sodanige besluite goedkeur, wysig en/of afkeur.

(d) ‘n Komitee op ‘n *ad hoc* basis (hierna genoem die “Komitee vir Appèlle”) aan te stel om ingevolge die reëls bepaal deur die Uitvoerende Bestuur, appèlle aan te hoor, te oorweeg en te beslis vanaf enige persoon(e) en/of instansie en/of bestuur van ‘n stoeiklub teen wie die Uitvoerende Bestuur enige tugmaatreëls toegepas en/of gehandhaaf het en/of ten opsigte van wie die Uitvoerende Bestuur enige besluit geneem en/of gehandhaaf en/of van die hand gewys het. Die Komitee vir Appèlle kan enige bevel maak na goeddunke met betrekking tot

sodanige appèl en sodanige bevel is finaal. Enige persoon en/of instansie wie se belange geraak word deur ’n beslissing van sodanige komitee mag egter appèl aanteken na die SASF. Skriftelike kennisgewing van sodanige voorneme om te appelleer moet saam met volledige gronde vir sodanige appèl binne 14 dae na verkryging van die redes vir die beslissing van die Komitee vir Appèlle by die SASF sowel as die Sekretaris van die Vereniging ingehandig word.

(e) Die Komitee vir Appèlle word soos volg saamgestel:

(i) ‘n Voorsitter;
(ii) ‘n onder voorsitter;
(iii) ‘n sekretaris; en
(iv) twee addisionele lede
welke persone nie lede van die Uitvoerende Bestuur mag wees nie.

ARTIKEL 13 - DIE UITVOERENDE BESTUUR

13.1 SAMESTELLING

Die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging word deur die Algemene Jaarvergadering verkies uit die verteenwoordigers in subartikel 10.1.1 genoem; met dien verstande dat die Voorsitter van die Beampteraad, die Voorsitter van die Administratiewe Komitee, die Voorsitter van die Afrigterskomitee en die Voorsitter van die Mediese Komitee, *ex officio* lede van die Uitvoerende Bestuur is. Verder bestaan die Uitvoerende Bestuur uit:

(a) Die President
(b) Die Vise-president
(c) Die Sekretaris
(d) Die Hulpsekretaris
(e) Die Penningmeester
(f) Die Saalbestuurder
(g) Die Spanbestuurder
(h) Die Bemarkingskoördineerder
(i) Die Ontwikkelingskoördineerder

Die Beskermheer, Ere-President en Ere Vise-president het sitting op die Uitvoerende Bestuur maar nie stemreg nie.

13.2 VAKATURE OP DIE UITVOERENDE BESTUUR

13.2.1 Vakature wat op die Uitvoerende Bestuur ontstaan word gevul deur middel van 'n verkiesing wat op 'n Algemene Bestuursvergadering van die Vereniging gehou word; met dien verstande dat 'n vakature wat ten opsigte van die Voorsitter van die Beampteraad, die Voorsitter van die Afrigterskomitee , die Voorsitter van die Administratiewe Komitee of die Voorsitter van die Mediese Komitee ontstaan, ingevolge die bepalings van subartikel 15.1.1, subartikel 15.2.1 , subartikel 15.3.1 of subartikel 15.4.1 onderskeidelik gevul sal word.

13.2.2 Skriftelike kennisgewing van sodanige verkiesing moet aan die Ere ampsdraers, lede van die Uitvoerende Bestuur, Lewenslange Erelede, en alle geaffilieerde stoeiklubs gegee word minstens veertien (14) dae voor die vergadering; met dien verstande dat die Voorsitter by die onmiddellike vorige Algemene Bestuursvergadering kennis kan gee dat sodanige verkiesing tydens die eersvolgende Algemene Bestuursvergadering sal plaasvind. Sodanige kennisgewing moet in die notule opgeteken word.

13.3 DATUMS EN PLEKKE VAN VERGADERINGS VAN UITVOERENDE BESTUUR

Vergaderings van die Uitvoerende Bestuur vind plaas op 'n datum, tyd en plek soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal.

13.4 KWORUMS VIR UITVOERENDE BESTUURSVERGADERINGS

Ses (6) lede persoonlik teenwoordig vorm 'n kworum tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur.

13.5 GEBREK AAN KWORUMS

Indien daar nie binne 'n halfuur na die vasgestelde tyd vir 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur 'n kworum teenwoordig is nie, word die vergadering vir 'n tydperk of na ‘n datum soos deur die Voorsitter bepaal, uitgestel. Indien daar by die uitgestelde vergadering weer nie 'n kworum teenwoordig is nie, vorm die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum en behartig so 'n vergadering die sake waarvoor die oorspronklike vergadering belê is.

13.6 WYSE VAN STEMMING

Tydens die Uitvoerende Bestuursvergadering word gestem deur die opsteek van hande, tensy die vergadering op 'n geheime stemming per stembrief besluit en slegs lede teenwoordig het stemreg.

13.7 STAKING VAN STEMME

In 'n geval van staking van stemme het die Voorsitter, behalwe sy gewone stem, ook 'n beslissende stem. Die Voorsitter is verplig om sy beslissende stem uit te bring.

13.8 BEVOEGDHEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR

13.8.1 Die Uitvoerende Bestuur beskik oor die bevoegdheid en diskresie om sonder die goedkeuring van die Algemene Bestuur:

(a) Algemene Jaarvergaderings en Spesiale Algemene Vergaderings van die Vereniging te belê.

(b) Oor die vertolking en die toepassing van stoeireëls te besluit.

(c) Aansoeke om affiliasie van stoeiklubs te oorweeg.

(d) Provinsiale stoei-aangeleenthede binne die Vereniging te ondersoek, beheer en/of te bevorder.

(e) Jaarliks ’n begroting vir die Vereniging te oorweeg vir voorlegging aan die Algemene Bestuur.

(f) Provinsiale stoeispanne saam te stel en spanbestuurders, afrigters en beamptes aan te wys om die Vereniging te verteenwoordig.

(g) Die datums en ordebepalings vir kampioenskappe, proewe, liga en/of ope-stoeibyeenkomste in die Vereniging te bepaal.

(h) Subkomitees te benoem, persone te koöpteer om spesifieke opdragte uit te voer en om verslae van sodanige komitees te ontvang, te oorweeg en daaroor besluite te neem waar nodig.

(i) Tjek-, spaar- en/of depositorekenings by geregistreerde handelsbanke en/of bougenootskappe vir die Vereniging te open, tekenmagte te bepaal en in die algemeen daarmee te handel.

(j) Kleure en kentekens vir die Vereniging te bepaal, reëls in verband met die toekenning en dra daarvan op te stel, dit aan persone wat kwalifiseer, toe te ken en waar dit reeds toegeken is, in te trek indien die houer daarvan hom na die oordeel van die Uitvoerende Bestuur op 'n wyse gedra wat die Vereniging of die stoeisport in die algemeen tot oneer strek of kan strek.

(k) Aanbevelings te doen by die SASF vir die toekenning van Nasionale Kleure en/of ander toekennings aan persone wat daarvoor kwalifiseer, asook om by genoemde liggaam aanbevelings te doen vir die intrekking van sodanige Kleure en/of toekennings, indien die houer daarvan hom na die oordeel van die Uitvoerende Bestuur op so 'n wyse gedra dat dit die SASF, die Vereniging en/of die stoeisport in die algemeen tot oneer strek of kan strek.

(l) Geregtelike stappe namens die Vereniging te neem en/of verdedig.

(m) Geskille tussen geaffilieerde stoeiklubs en/of persone aan te hoor en daaroor te beslis.

(n) Tugstappe teen geaffilieerde stoeiklubs en/of persone te oorweeg en toe te pas.

(o) Appèlle aan te hoor en te beslis van persone teen wie stoeiklubs tugstappe geneem het.

(p) Reëls te bepaal vir die hou van tugverhore of die aanhoor van appèlle deur enige komitee van die Vereniging daarmee belas.

(q) Om na die nodige ondersoek, hetsy self of deur ‘n komitee daartoe aangewys, tugmaatreëls toe te pas teen enige stoeiklub, lid, deelnemer, beampte, ampsdraer en/of persoon wat hom ten opsigte van stoei op 'n wyse gedra wat strydig is met die Grondwet, reëls en/of voorskrifte van die Vereniging.

(r) Gelde en toekennings te ontvang en waar van toepassing, oor te betaal of te oorhandig aan instansies en/of persone wat daarom aansoek doen en daarop geregtig is.

(s) Bates in verskillende vorms te ontvang, verkry, vervreem, verband of beswaar, huur en/of verhuur.

13.8.2 Indien 'n stoeiklub se verteenwoordigers driemaal agtereenvolgens sonder 'n aanvaarbare verskoning versuim om vergaderings van die Algemene Bestuur by te woon, kan die Uitvoerende Bestuur ondersoek instel en indien omstandighede dit regverdig met inagneming van enige kommentaar van die betrokke persoon(e), die volgende stappe neem:

(a) Die bestuur van sodanige stoeiklub vermaan.

(b) Die stoeiklub 'n boete oplê met 'n bedrag soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal.

(c) Die bestuur van sodanige stoeiklub ontbind en in samewerking met lede van sodanige stoeiklub, 'n nuwe bestuur saamstel.

(d) Enige sodanige stappe wat die Uitvoerende Bestuur goedvind neem om die belange van die lede van sodanige stoeiklub te beskerm.

13.8.3 Die Uitvoerende Bestuur kan enige stoeiklub en/of persoon wat na ‘n behoorlike verhoor waar die persoon(e) of stoeiklub die geleentheid gehad het om hulle kant van die saak te stel, skuldig bevind is dat hy 'n bepaling van die Grondwet, reël en/of voorskrif van die Vereniging oortree het, die volgende beperkings of tugmaatreëls oplê:

(a) Skorsing; en/of

(b) ontsegging van lidmaatskap van die Vereniging en/of 'n stoeiklub; en/of

(c) ontsegging van die bywoning van enige stoei-aangeleentheid; en/of

(d) oplegging van 'n toepaslike boete van hoogstens R500,00 wat volgens die oordeel van die Uitvoerende Bestuur verminder kan word afhangende die erns van die oortreding; en/of

(e) enige ander beperking wat na oordeel van die Uitvoerende Bestuur ‘n gepaste tugmaatreël of beperking sal wees.

13.8.4 Die Uitvoerende Bestuur het ook die bevoegdheid om enige van die bogenoemde tugmaatreëls of beperkings vir enige tydperk op te skort op gepaste voorwaardes.

13.8.5 Enige stoeiklub en/of persoon:

(a) wat skuldig bevind is; en/of

(b) teen wie tugmaatreëls toegepas is; en/of

(c) teen wie ‘n beslissing gehandhaaf is op appèl; en/of

(d) teen wie op enige wyse hoegenaamd opgetree is in terme van hierdie Grondwet of ‘n grondwet van ‘n stoeiklub, deur die Uitvoerende Komitee, kan teen sodanige skuldigbevinding en/of tugmaatreëls en/of handhawing van ‘n beslissing en/of optrede, appèl aanteken by die Komitee vir Appèlle. Na herondersoek en heroorweging deur die Komitee vir Appèlle sal die beslissing wat daarna gegee word, finaal wees. Kennisgewing van die voorneme om te appèlleer moet binne een en twintig (21) dae skriftelik by die Sekretaris van die Vereniging ingedien word, met vermelding van die voorneme om te appelleer en verstrekking van volledige gronde vir die appèl.

13.8.6 Sodra skuldigbevinding en tugmaatreëls deur die Uitvoerende Bestuur of Komitee vir Appèlle na gelang van die geval, bekragtig is, moet volle besonderhede daarvan skriftelik aan die Uitvoerende Bestuur van die SASF gerapporteer word.

13.9 ONTHEFFING VAN AMP

13.9.1 'n Lid van die Uitvoerende Bestuur kan met goedkeuring van die Algemene Bestuur van sy amp onthef word indien hy drie maal agtereenvolgens sonder ’n aanvaarde verskoning versuim om vergaderings van die Uitvoerende Bestuur of die Algemene Bestuur by te woon.

13.10 PLIGTE VAN LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR

(a) Die President moet by alle vergaderings as Voorsitter optree en handel verder ooreenkomstig die opdragte van die Uitvoerende Bestuur. Hy het absolute volmag in verband met orde-sake en die belê van vergaderings. Hy moet jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering 'n

jaarverslag oor die werksaamhede van die afgelope jaar lewer. Dit word van hom verwag om soveel provinsiale stoeibyeenkomste as moontlik by te woon.

(b) Die Vise-president moet in die afwesigheid van die President al die pligte van die President oorneem. Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of die Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra word.

(c) Die Sekretaris moet alle korrespondensie in die naam van die Vereniging hanteer en kennisgewings met inligting wat onder stoeiklubs se aandag gebring moet word, aan alle betrokkenes stuur. Hy moet behoorlik register hou van al die Vereniging se kampioenskappe en proewe, asook van alle nasionale toernooie, kampioenskappe en proewe waaraan lede van die Vereniging deelneem. Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos wat deur die President en/of die Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra word.

(d) Die Hulpsekretaris moet van alle vergaderings behoorlik korrekte notules (getik) hou, wat in 'n register of boek ingebind moet word. Hy is in samewerking met die Sekretaris ook verantwoordelik vir die stuur van kennisgewings, notules, sakelyste en besluite aan alle betrokkenes. Hy moet tydens alle provinsiale kampioenskappe, proewe en/of nasionale wedstryde of proewe die Sekretaris behulpsaam wees. Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos wat deur die President en/ of die Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra word.

(e) (i) Die Penningmeester moet jaarliks ‘n begroting vir die Vereniging opstel vir voorlegging aan die Uitvoerende Bestuur welke begroting deur die Algemene Bestuur oorweeg moet word. Die Penningmeester moet die finansies van die Vereniging teenoor sodanige goedgekeurde begroting op ‘n verantwoordbare wyse en volgens rekeningkundige aanvaarde bestuursbeginsels en praktyke bestuur. Hy moet van alle inkomste en uitgawe behoorlik boekhou en by elke Algemene Bestuur en/of Uitvoerende Bestuursvergadering 'n tussentydse finansiële staat voorlê en tydens die Algemene Jaarvergadering behoorlik geouditeurde finale finansiële state inhandig.

(ii) Die Penningmeester moet alle eiendomme en/of bates van die Vereniging veilig bewaar en/of laat bewaar, ’n bateregister byhou en by elke Algemene Jaarvergadering 'n behoorlike staat van sodanige eiendomme en bates inhandig. Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of die Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra.

(f) (i) Die Saalbestuurder moet die penningmeester behulpsaam wees met sy pligte maar veral met die registrasie en affiliasie van stoeiers in die begin van die jaar. Verder is hy verantwoordelik vir die reëlings m.b.t. die toerusting wat by elke toernooi van die Vereniging nodig is.

(ii) Die Saalbestuurder moet saam met die Penningmeester alle eiendomme en/of bates van die Vereniging veilig bewaar en/of laat bewaar en ’n bateregister byhou. Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of die Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra.

(g) Die Spanbestuurder is verantwoordelik vir die goeie funksionering van alle spanbestuuraangeleenthede van die Vereniging ooreenkomstig die bevoegdhede van die Spanbestuurderskomitee soos uiteengesit in Bylae VI (Die Reglement van die Spanbestuurderskomitee). Hy tree ook op as Voorsitter van die Spanbestuurderskomitee. Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra.

(h) Die Voorsitter van die Beampteraad is verantwoordelik vir die goeie funksionering van alle beampte-aangeleenthede van die Vereniging ooreenkomstig die bevoegdhede van die Beampteraad soos uiteengesit in artikel 15.1 en Bylae III (Die Reglement van die Beampteraad). Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra.

(i) Die Voorsitter van die Afrigterskomitee is verantwoordelik vir die goeie funksionering van die afrigtersaangeleenthede van die Vereniging ooreenkomstig die bevoegdhede van die Afrigterskomitee soos uiteengesit in artikel 15.2 en Bylae IV (Die Reglement van die Afrigterskomitee). Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra.

(j) Die Voorsitter van die Administratiewe Komitee tree tydens alle toernooie van die Vereniging as Toernooisekretaris op. Hy is verantwoordelik vir die goeie funksionering van die administratiewe aangeleenthede van die Vereniging ooreenkomstig die bevoegdhede van die Administratiewe Komitee soos uiteengesit in artikel 15.3 en Bylae V (Die Reglement van die Administratiewe Komitee). Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra.

(k) Die Voorsitter van die Mediese Komitee is verantwoordelik vir skakeling met die SASF Mediese Komitee en die koördinering van alle aanverwante aangeleenthede van die Vereniging ooreenkomstig die bevoegdhede van die Mediese Komitee soos uiteengesit in artikel 15.4 en Bylae VI (Die Reglement van die Mediese Komitee). Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra.

(l) Die Ontwikkelingskoördineerder het die verantwoordelikheid en bevoegdheid om ‘n werksprogram op te stel waarvolgens die ontwikkelingsfunksie in die Vereniging bestuur gaan word; met dien verstande dat so werksprogram onderhewig is aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur en van tyd tot tyd hersien en indien nodig, gewysig moet word om aan te pas by die bepalings van die Grondwet van die Vereniging. Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of die Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra.

(m) Die Bemarkingskoördineerder het die verantwoordelikheid en bevoegdheid om 'n werksprogram op te stel waarvolgens die bemarkings- en skakelfunksie in die Vereniging bestuur gaan word; met dien verstande dat so werksprogram onderhewig is aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur en van tyd tot tyd hersien en indien nodig, gewysig moet word om aan te pas by die bepalings van die Grondwet van die Vereniging. Hy is verder in samewerking met die President verantwoordelik vir die skakeling met die media, plaaslike owerheid en alle instansies waardeur stoei in die Vereniging bevorder kan word. Hy is ook verantwoordelik om die byeenkomste van die Vereniging in die media en by betrokke instansies bekend te stel en/of te adverteer. Hy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die President en/of die Uitvoerende Bestuur aan hom opgedra.

ARTIKEL 14 - HERROEPING EN WYSIGING VAN BESLUITE

14.1 Enige stemgeregtigde lid van die Algemene Bestuur kan kennis gee van sy voorneme om 'n besluit tydens die volgende vergadering te laat bespreek met die doel om sodanige besluit herroep of gewysig te kry, op voorwaarde dat sodanige kennisgewing mondelings tydens die vergadering of skriftelik binne tien (10) dae daarna gegee word.

14.2 Indien sodanige kennis gegee is, het die voorsteller die reg om met die volgende vergadering kortliks die redes vir die voorstel te gee en die vergadering moet dan, sonder bespreking met

'n twee derde (2/3) meerderheid van die stemgeregtigde lede teenwoordig beslis of die besluit weer bespreek kan word.

ARTIKEL 15 - SAMESTELLING, BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN KOMITEES

15.1 DIE BEAMPTERAAD

15.1.1 Die Beampteraad van die Vereniging word saamgestel en funksioneer ooreenkomstig die bepalings uiteengesit in die reglement wat by hierdie Grondwet as BYLAE III geïnkorporeer is.

15.1.2 'n Lid van die Beampteraad moet aan die vereistes voldoen soos uiteengesit in die reglement.

15.1.3 Skriftelike nominasies asook stemming vir die Beampteraad geskied ooreenkomstig die bepalings soos in die reglement uiteengesit.

15.1.4 Die Beampteraad is in alle opsigte ondergeskik aan die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging, maar word die bevoegdheid verleen om jaarliks sy eie Algemene Jaarvergadering te hou waartydens die Beampteraad verkies word uit beamptes wat by die Vereniging geregistreer is en bevoeg is om op die Beampteraad te dien.

15.1.5 Die Algemene Jaarvergadering van die Beampteraad word gehou op 'n datum, tyd en plek soos deur dié komitee bepaal, maar moet gehou word voordat die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging plaasvind. Die verkose Beampteraad moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vir kennisname voorgelê word.

15.1.6 Die Beampteraad het verder die bevoegdheid om 'n eie reglement op te stel en self 'n werksprogram op te stel waarvolgens sy pligte uitgevoer word; met dien verstande dat so 'n reglement en werksprogram onderhewig is aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur en van tyd tot tyd hersien en indien nodig, gewysig moet word om aan te pas by die bepalings van die Grondwet van die Vereniging.

15.2 DIE AFRIGTERSKOMITEE

15.2.1 Die Afrigterskomitee van die Vereniging word saamgestel en funksioneer ooreenkomstig die bepalings uiteengesit in die reglement wat by hierdie Grondwet as BYLAE IV geïnkorporeer is.

15.2.2 'n Lid van die Afrigterskomitee moet aan die vereistes voldoen soos uiteengesit in die reglement.

15.2.3 Skriftelike nominasies asook stemming vir die Afrigterskomitee geskied ooreenkomstig die bepalings soos in die reglement uiteengesit.

15.2.4 Die Afrigterskomitee is in alle opsigte ondergeskik aan die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging, maar word die bevoegdheid verleen om jaarliks sy eie Algemene Jaarvergadering te hou waartydens die Afrigterskomitee verkies word uit afrigters wat by die Vereniging geregistreer is en bevoeg is om op die Afrigterskomitee te dien.

15.2.5 Die Algemene Jaarvergadering van die Afrigterskomitee word gehou op 'n datum, tyd en plek soos deur dié komitee bepaal, maar moet gehou word voordat die Algemene Jaarvergadering

van die Vereniging plaasvind. Die verkose Afrigterskomitee moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vir kennisname voorgelê word.

15.2.6 Die Afrigterskomitee het verder die bevoegdheid om 'n eie reglement op te stel en self 'n werksprogram op te stel waarvolgens sy pligte uitgevoer word; met dien verstande dat so 'n reglement en werksprogram onderhewig is aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur en van tyd tot tyd hersien en indien nodig, gewysig moet word om aan te pas by die bepalings van die Grondwet van die Vereniging.

15.3 DIE ADMINISTRATIEWE KOMITEE

15.3.1 Die Administratiewe Komitee van die Vereniging word saamgestel en funksioneer ooreenkomstig die bepalings uiteengesit in die reglement wat by hierdie Grondwet as BYLAE V geïnkorporeer is.

15.3.2 Die Administratiewe Komitee het die bevoegdheid om 'n eie reglement op te stel en self ‘n eie werksprogram op te stel waarvolgens sy pligte uitgevoer word, met dien verstande dat sodanige reglement en werksprogram onderhewig is aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur en van tyd tot tyd hersien en indien nodig gewysig moet word om aan te pas by die bepalings van die Grondwet van die Vereniging.

15.3.3 Die Administratiewe Komitee is in alle opsigte ondergeskik aan die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging, maar word die bevoegdheid verleen om jaarliks sy eie Algemene Jaarvergadering te hou waartydens die Administratiewe Komitee verkies word uit administratiewe beamptes wat by die Vereniging geregistreer is en bevoeg is om op die Administratiewe Komitee te dien.

15.3.3 Die Algemene Jaarvergadering van die Administratiewe Komitee word gehou op 'n datum, tyd en plek soos deur dié komitee bepaal, maar moet gehou word voordat die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging plaasvind. Die verkose Administratiewe Komitee moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vir kennisname voorgelê word.

15.4 DIE MEDIESE KOMITEE

15.4.1 Die Mediese Komitee van die Vereniging word saamgestel en funksioneer ooreenkomstig die bepalings uiteengesit in die reglement wat by hierdie Grondwet as BYLAE VI geïnkorporeer is.

15.4.2 Die Mediese Komitee het die bevoegdheid om 'n eie reglement op te stel en self ‘n eie werksprogram op te stel waarvolgens sy pligte uitgevoer word, met dien verstande dat sodanige reglement en werksprogram onderhewig is aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur en van tyd tot tyd hersien en indien nodig gewysig moet word om aan te pas by die bepalings van die Grondwet van die Vereniging.

15.4.3 Die Mediese Komitee is in alle opsigte ondergeskik aan die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging, maar word die bevoegdheid verleen om jaarliks sy eie Algemene Jaarvergadering te hou waartydens die Mediese Komitee verkies word uit persone wat by die Vereniging geregistreer is en bevoeg is om op die Mediese Komitee te dien.

15.4.4 Die Algemene Jaarvergadering van die Mediese Komitee word gehou op 'n datum, tyd en plek soos deur dié komitee bepaal, maar moet gehou word voordat die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging plaasvind. Die verkose Mediese Komitee moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vir kennisname voorgelê word.

15.5 DIE SPANBESTUURDERSKOMITEE

15.5.1 Die Spanbestuurderskomitee van die Vereniging word saamgestel en funksioneer ooreenkomstig die bepalings uiteengesit in die reglement wat by hierdie Grondwet as BYLAE VII geïnkorporeer is.

15.5.2 Die Spanbestuurderskomitee is in alle opsigte ondergeskik aan die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging maar het die bevoegdheid om 'n eie reglement en werksprogram waarvolgens sy pligte uitgevoer word, op te stel; met dien verstande dat sodanige reglement en werksprogram onderhewig is aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur en van tyd tot tyd hersien en indien nodig gewysig moet word om aan te pas by die bepalings van die Grondwet van die Vereniging.

ARTIKEL 16 - DIE GRONDWET

16.1 WERKING

16.1.1 Elke geaffilieerde stoeiklub, lede daarvan en/of deelnemers is te alle tye onderworpe aan die bepalings van die Grondwet, reëls en/of voorskrifte van die Vereniging.

16.1.2 Die grondwet, reëls en/of voorskrifte van 'n stoeiklub mag nie so opgestel word dat dit strydig is met die Grondwet, reëls en/of voorskrifte van die Vereniging nie.

16.1.3 Wysigings van die Grondwet kan slegs op 'n Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering aangebring word.

16.1.4 Die Sekretaris moet ten minste dertig (30) dae skriftelik kennis gee aan die Ere ampsdraers, lede van die Uitvoerende Bestuur, Lewenslange Erelede en alle geaffilieerde stoeiklubs van enige voorstel rakende wysigings van die Grondwet.

16.1.5 Wysigings van die Grondwet kan slegs met 'n tweederde (2/3) meerderheidstem aanvaar word.

16.2 VERSOENING

16.2.1 Indien daar enigiets in die Grondwet, reëls en/of voorskrifte van die Vereniging voorkom wat in stryd is met die Grondwet van die SASF en nie daarmee versoen kan word nie, terwyl die Vereniging 'n lid van die SASF is, geld die Grondwet, reëls en/of voorskrifte van die SASF en word daarvolgens gehandel.

16.2.2 Indien daar enigiets in die Grondwet, reëls en/of voorskrifte van 'n geaffilieerde stoeiklub voorkom wat in stryd is met die Grondwet, reëls en/of voorskrifte van die Vereniging en nie daarmee versoen kan word nie, terwyl sodanige geaffilieerde stoeiklub 'n geaffilieerde lid van die Vereniging is, geld die Grondwet, reëls en/of voorskrifte van die Vereniging.

16.3 VERTOLKING

Indien daar 'n verskil of teenstrydigheid voorkom tussen die Afrikaanse en Engelse tekste van die Grondwet, geniet die Afrikaanse teks voorkeur.

ARTIKEL 17 - BOEKJAAR

Die boekjaar van die Vereniging strek van 1 September tot 31 Augustus.

ARTIKEL 18 - ONTBINDINGSKLOUSULE

18.1 VERENIGING

18.1.1 Die Vereniging kan ontbind word indien minstens tweederdes van die lede teenwoordig op 'n Spesiale Algemene Vergadering wat vir die doel belê is, ten gunste van ontbinding stem.

18.1.2 Daar moet minstens dertig (30) dae skriftelike kennis gegee word van so 'n vergadering en die kennisgewing waarin die vergadering belê word, moet duidelik meld dat die kwessie van ontbinding van die Vereniging en beskikking oor sy bates oorweeg sal word. Indien daar nie binne 'n halfuur (30 minute) na die vasgestelde tyd vir 'n Spesiale Algemene Vergadering 'n kworum teenwoordig is nie, word die vergadering vir 'n tydperk of na ‘n datum soos deur die Voorsitter bepaal uitgestel. Indien daar by die uitgestelde vergadering weer nie 'n kworum teenwoordig is nie, vorm die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum en behartig so 'n vergadering die sake waarvoor die oorspronklike vergadering belê is.

18.1.3 Indien daar by die ontbinding van die Vereniging enige bates hoegenaamd oorbly, nadat sy skulde vereffen en verpligtinge nagekom is, sal die bates nie betaal word aan of verdeel word onder lede van die Vereniging nie, maar sal sodanige bates die eiendom word van die SASF.

18.2 ONTBINDING VAN KLUBBESTUUR DEUR DIE VERENIGING

18.2.1 Waar daar rede bestaan om te glo dat die optrede van die bestuur of organisasie van 'n geaffilieerde stoeiklub sodanig is dat stoei of 'n stoeier daardeur benadeel word of benadeel kan word, kan die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging ondersoek instel na die bestuur en/of organisasie van so 'n stoeiklub en sodanige stappe doen as wat nodig mag wees om die bestuur en/of organisasie van die betrokke stoeiklub reg te stel.

18.2.2 Vir die doel soos bepaal in subartikel 18.2.1 kan die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging, indien nodig, die bestaande bestuur en/of organisasie van so 'n stoeiklub ontbind en in samewerking met lede van so 'n stoeiklub, 'n nuwe bestuur en/of organisasie aanstel, of 'n lid/lede van so 'n stoeiklub en/of organisasie van sy/hul amp/ampte onthef en ander lid/lede in die plek van sodanige lid/lede aanstel.

18.2.3 Enige stappe beoog in terme van subartikels 18.2.1 of 18.2.2 moet geskied met skriftelike kennis\binne ‘n redelike tyd aan die betrokke persoon(e) of bestuur sodat daardie bestuur en/of persoon(e) voldoende geleentheid het om hulle kant van die saak te stel.

18.3 BATES VAN STOEIKLUBS

Hierdie Vereniging is nie aanspreeklik vir enige skulde of laste van enige van geaffilieerde stoeiklubs nie. Indien 'n stoeiklub om welke rede sou ontbind, sal die bates van die stoeiklub, nadat al sy skulde gedelg is, na die Vereniging oorgeplaas word en sal sodanige bates die eiendom van die Vereniging word.

ARTIKEL 19 - MEDIESE GESKIKTHEID

'n Stoeier moet medies geskik wees om te mag stoei. Die ouer/voog van 'n minderjarige stoeier aanvaar algehele verantwoordelikheid vir die mediese geskiktheid van sodanige stoeier; met dien verstande dat indien die Uitvoerende Bestuur kennis dra en/of oortuig is van 'n stoeier se mediese ongeskiktheid om aan 'n stoeiwedstryd onder beheer van die Vereniging deel te neem, die

Uitvoerende Bestuur op aanbeveling van die Mediese Komitee kan weier om sodanige stoeier te laat deelneem.

ARTIKEL 20– VRYWARING

Die Vereniging is nie aanspreeklik vir enige beserings, permanente en/of tydelike liggaamlike ongeskiktheid, lewensverlies of skadevergoeding voortspruitend uit enige stoeibyeenkomste binne die grense van die Vereniging, gehou of gereël deur hetsy die Vereniging self en/of enige stoeiklub van die Vereniging nie, voorgenoemde as gevolg van enige aktiwiteit, gebruik van apparaat of toerusting op enige deel of gedeelte van die perseel deur enige persoon, hetsy stoeier of enige ander persoon tydens sodanige stoeibyeenkomste.

GOEDGEKEUR OP 22 Oktober 2003



PRESIDENT

.....

SEKRETARIS

BYLAE I

LEWENSLANGE ERELIDMAATSKAP

1. Lewenslange Erelidmaatskap kan in verdienstelike gevalle, op aanbeveling van die Uitvoerende Bestuur, deur die Algemene Jaarvergadering toegeken word.

2. Om vir die toekenning van Lewenslange Erelidmaatskap te kan kwalifiseer, moes 'n persoon:

   (i) minstens tien (10) jaar bevredigende diens op die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging of vyftien (15) jaar op die Uitvoerende Bestuur van 'n stoeiklub binne die Vereniging gelewer het;

   (ii) sodanige ander uitsonderlike diens gelewer het dat dit volgens die oordeel van die Uitvoerende Bestuur die toekenning van Lewenslange Erelidmaatskap regverdig.

3. Lewenslange Erelidmaatskap kan slegs op 'n Algemene Jaarvergadering toegeken word.

4. 'n Maksimum van agt (8) poste vir Lewenslange Erelede bestaan in die Vereniging. Dit is nie 'n vereiste dat al die poste gevul moet wees nie, maar indien al die poste gevul is, kan geen verdere toekennings gemaak word nie totdat so 'n pos vakant raak.

5. Met die uitsondering van die Uitvoerende Bestuur, het 'n Lewenslange Erelid sitting en stemreg op al die vergaderings van die Vereniging.

6. 'n Lewenslange Erelid is verkiesbaar vir enige amp in die Vereniging.

7. 'n Persoon aan wie Lewenslange Erelidmaatskap toegeken is, ontvang van die Vereniging 'n Ere-adres wat deur die President, Voorsitter en Sekretaris onderteken is.

BYLAE II

KLEURE EN DIE REëLS VIR TOEKENNING

1. NOORD-GAUTENG KLEURE

1.1 NOORD-GAUTENG KLEURE is die embleem wat op die wapen vertoon word en bestaan uit die enkel rooi madeliefie met groen stingel en die woorde STOEI/WRESTLING onder die madeliefie op 'n vlootblou agtergrond. Onder die woorde STOEI/WRESTLING word die woorde SENIOR, JUNIOR, JEUG, BEAMPTE, ADMINISTRATIEWE-BEAMPTE, AFRIGTER, SPANBESTUURDER of AMPSDRAER aangebring nagelang waarvoor die kleure toegeken is. Die letter- en borduurwerk word in ligblou garing gedoen.

1.2 NOORD-GAUTENG KLEURE word toegeken aan:

(a) 'n Jeug-, Junior- en Seniorstoeier wat die eerste-, tweede- of derdeplek tydens 'n Suid-Afrikaanse Kampioenskap behaal het,

(b) 'n Jeug-, Junior- en seniorstoeier wat tydens 'n Noord-Gautengse kampioenskap 'n eerste plek in sy afdeling behaal het en aan ten minste twee (2) wedstryde deelgeneem het,

(c) 'n stoeier aan wie Junior Protea kleure toegeken is,

(d) 'n beampte wat vir vyf jaar agtereenvolgens of sewe jaar onderbroke 'n aktiewe beampte in die Vereniging was, bevredigende diens gelewer het en tydens die toekenning reeds twee jaar oor 'n provinsiale "A" gradering beskik,

(e) 'n afrigter wat vir vyf jaar agtereenvolgens of sewe jaar onderbroke 'n aktiewe afrigter in die Vereniging was, bevredigende diens gelewer het en tydens die toekenning reeds twee jaar oor 'n provinsiale "A" gradering beskik,

(f) 'n administratiewe beampte, op aanbeveling van die Administratiewe Komitee, wat vir ten minste vier (4) jaar 'n aktiewe administratiewe beampte in die Vereniging was, die skriftelike eksamens van die Administratiewe Komitee geslaag het en oor die praktiese bekwaamheid en vermoë beskik om onafhanklik die pligte van 'n administratiewe beampte tydens toernooie te kan hanteer,

(g) 'n ampsdraer wat vir vyf jaar agtereenvolgend of sewe jaar onderbroke aktiewe en bevredigende diens gelewer het in een of meer van die hoedanighede as lid van die Vereniging se Uitvoerende Bestuur,

(h) 'n Spanbestuurder wat by 'n Suid-Afrikaanse Kampioenskappe en/of proewe of ten minste by twee provinsiale stoeitoernooie, vir 'n stoeispan van die Vereniging as spanbestuurder opgetree het en bevredigende diens gelewer het. Om as spanbestuurder verkiesbaar te wees moet 'n genomineerde persoon vier (4) jaar agtereenvolgens of ses (6) jaar onderbroke aktief betrokke by stoei in

die Vereniging in enige hoedanigheid gewees het en (1) voldoen het aan die bepalings wat van tyd tot tyd deur die Spanbestuurderskomitee neergelê word en (2) 'n kwalifiseringseksamen vir spanbestuurders geslaag het,

(i) in besondere verdienstelike gevalle enige persoon wat volgens die diskresie van die Uitvoerende Bestuur besonder voortreflike diens gelewer het.

2. NOORD-GAUTENG EREKLEURE

2.1 NOORD-GAUTENG EREKLEURE is die embleem wat op die wapen vertoon word en bestaan uit die enkel rooi madeliefie met groen stingel en die woorde STOEI/WRESTLING onder die madeliefie op 'n vlootblou agtergrond. Onder die woorde STOEI/WRESTLING word die woorde EREKLEURE aangebring. 'n Lourierkrans word aan beide kante aangebring. Die letter- en borduurwerk is in gouedraad.

2.2 NOORD-GAUTENG EREKLEURE word eenmalig toegeken aan:

(a) 'n stoeier, afrigter, beampte of spanbestuurder aan wie Protea kleure toegeken is,

(b) 'n Junior- of Seniorstoeier wat vir vyf agtereenvolgende jare die S.A. Junior- en/of Seniorkampioen was,

(c) die houer van Noord-Gauteng Beamptekleure wat vir agt (8) jaar nadat die voormelde kleure aan hom toegeken is 'n aktiewe beampte in die Vereniging was en uitstaande diens gelewer het,

(d) die houer van Noord-Gauteng Afrigterskleure wat vir agt (8) jaar nadat die voormelde kleure aan hom toegeken is 'n aktiewe afrigter in die Vereniging was en uitstaande diens gelewer het,

(e) die houer van Noord-Gauteng Administratiewe Beamptekleure wat vir agt (8) jaar nadat die voormelde kleure aan hom toegeken is 'n aktiewe administratiewe beampte in die Vereniging was en uitstaande diens gelewer het,

(f) die houer van Noord-Gauteng Ampsdraerkleure wat vir twaalf (12) jaar ononderbroke of vyftien (15) jaar onderbroke 'n aktiewe lid van die Uitvoerende Bestuur in die Vereniging was en uitstaande diens gelewer het,

(g) enige persoon wat in die diskresie van die Uitvoerende Bestuur besondere voortreflike diens gelewer het.

3. Die wapen waarop die embleem aangebring is kan gedra word op:

(a) 'n Vlootblou sportbaadjie tesame met 'n vlootbloudas waarop die rooimadeliefie aangebring is.

(b) 'n Sweetpak waarvan die ontwerp en kleur van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur bepaal sal word.

(c) 'n Stoeikostuum.

4. Voorskrifte by die dra van NOORD-GAUTENG KLEURE en NOORD-GAUTENG EREKLEURE;

(a) die Sportbaadjie moet te alle tye saam met netjiese kleredrag gedra word;

(b) geen Noord-Gauteng kleure of Erekleure mag tesame met slenterdrag gedra word nie,

(c) geen ander wapen of embleem mag sonder die toestemming van die Uitvoerende Bestuur saam met die Noord-Gauteng wapen op die baadjie, sweetpak of stoeikostuum vertoon word nie; en

(d) die baadjie kan tesame met goedgekeurde beampteklere gedra word.

BYLAE III

REGLEMENT VAN DIE BEAMPTERAAD

1. DOEL: Die doel van die reglement is om:

1.1 Die bepalings van NGS se Grondwet wat saamhang met die Grondwet van die SASF na te kom en uit te voer.

1.2 'n Grondige studie van die reëls van stoei, soos deur die SASF toegepas, te maak en voorstelle aangaande die reëls aan die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging voor te lê.

1.3 Jaarliks deur middel van lesings, besprekings en demonstrasies, kursusse vir Beamptes aan te bied en sodanige Beamptes op die hoogte te hou met die reëls van stoei.

1.4 Beamptes die geleentheid te bied om skriftelik en prakties eksamen af te lê, totdat 'n Provinsiale "A" status bereik is.

1.5 Beamptes jaarliks te gradeer volgens hul bekwaamhede, belangstelling en vordering soos deur die Beampteraad waargeneem.

1.6 Provinsiale status van Beamptes te bepaal en aanbevelings aan die Uitvoerende Bestuur vir goedkeuring voor te lê.

2. VERKIESING EN SAMESTELLING VAN DIE KOMITEE

2.1 Die Beampteraad word jaarliks, tydens die Algemene Jaarvergadering van Beamptes, (wat voor die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging moet plaasvind) deur geregistreerde Beamptes van die Vereniging en wat by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, verkies.

2.2 Die Beampteraad sal bestaan uit:

(i) 'n Voorsitter van die Beampteraad (Hierna die Voorsitter van die Beampteraad genoem)

(ii) 'n Vise-voorsitter

(iii) 'n Sekretaris

(iv) Vier addisionele lede en

(v) Die president van die Vereniging - *ex officio*

3. KWALIFIKASIES VIR BEAMPTERAAD

3.1 Om tot die Beampteraad verkies te kan word, moet 'n lid 'n aktiewe Beampte wees en vir minstens twee jaar Provinsiale "A" gradering wees.

3.2 Die genomineerde lid moet ten minste 75% van die Provinsie se aangeleenthede gedurende die jaar aktief bygewoon het. Skriftelike vertoë vir die verslapping van hierdie vereiste kan in uitsonderlike gevalle oorweeg en aanvaar word.

3.3 Voornemende kandidate moet in staat wees om 'n kursus aan te bied, en hulle kan aan 'n spesiale toets onderwerp word om te bepaal of hulle daartoe in staat is. Die aard van die toets sal deur die Beampteraad bepaal word en deur die Uitvoerende Bestuur van NGS goedgekeur word.

3.4 Skriftelike nominasies vir die Beampteraad moet minstens dertig (30) dae voor die Jaarvergadering van Beamptes, deur stoeiklubs by die Sekretaris van die Vereniging ingedien word.

3.5 Persone wat onder skorsing is, of 'n opgeskorte vonnis uitdien sal nie kwalifiseer om genomineer te word nie.

3.6 Beamptes wat genomineer is, sal deur die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging gekontroleer word op aanbeveling van die Beampteraad, ten einde te verseker dat genomineerdes aan die neergelegde vereistes voldoen. Die name van kandidate wat kwalifiseer om op die Beampteraad te dien, moet minstens sewe (7) dae voor die Jaarvergadering van Beamptes, aan al die stoeiklubs gesirkuleer word.

3.7 Die Uitvoerende Bestuur kan self Beamptes wat kwalifiseer, maar nie deur 'n stoeiklub genomineer is nie, op die lys van genomineerdes plaas. Sodanige genomineerde sal dan as 'n lid van die Beampteraad verkies kan word.

3.8 Die verkose Beampteraad word aan die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vir kennisname voorgelê.

3.9 Indien ‘n vakature vir Voorsitter van die Beampteraad ontstaan, word dit gevul deur middel van ‘n verkiesing tydens ‘n Spesiale Algemene Vergadering van die Beampteraad en wat onder voorsitterskap van die Ondervoorsitter van die Beampteraad vir hierdie doel belê is. Ander vakatures wat op die Beampteraad mag ontstaan sal deur middel van ‘n verkiesing deur die Uitvoerende Bestuur, gevul word.

3.10 Die bepalings van subartikel 3.1 tot 3.7 is *mutatis mutandis* van toepassing in die geval van ‘n Spesiale Algemene Vergadering ingevolge subartikel 3.9.

4. STEMREG

4.1 Alle Beamptes wat vir die betrokke jaar by NGS geregistreer en aktief opgetree het, sal stemgeregtig wees.

4.2 Waar meer as een kandidaat vir dieselfde pos genomineer word, sal stemming per geheime stembrief geskied.

5. LIDMAATSKAP EN PROSEDURE VAN REGISTRASIE

5.1 Lidmaatskap van Beamptes is beperk tot beamptes wat by NGS geregistreer is en minstens 16 jaar oud is.

5.2 Alle Beamptes moet jaarliks voor 31 Maart van die betrokke jaar registreer. Indien sodanige Beampte na 31 Maart van die betrokke jaar registreer, kan hy nie kwalifiseer vir opgradering in daardie jaar nie.

5.3 Bewys van registrasie en lidmaatskap van 'n ander Stoeivereniging kan vir erkenning oorweeg en aanvaar word indien die Beampte direk by die Provinsie inskakel nadat hy 'n ander Provinsie verlaat het.

5.4 'n Beampte wat lid van die SAPD of SANW of wat diensplig in die magte verrig, kan lid van die Vereniging bly indien die voorgeskrewe ledegeld by NGS betaal is.

5.5 'n Beampte soos in subartikel 5.4 genoem kan nie tot die Vereniging se Beampteraad verkies word terwyl hy lid is van die SAPD of SANW se Beampteraad nie.

5.6 'n Aktiewe stoeier wat reeds 16 jaar oud is, kan as 'n Beampte registreer en kan by stoeitoernooie as Beampte optree.

6. REGISTRASIE EN ANDER GELDE

6.1 Die heffing van registrasie- en ander gelde word van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging bepaal. Aanbevelings in die verband kan deur die Beampteraad voorgelê word.

6.2 Lede van die Komitee word vrygestel van registrasiegelde op Provinsiale vlak.

7. GRADERING VAN BEAMPTES

7.1 Vorderingsvereistes vir Provinsiale Beamptes.

7.1.1 Alle Beamptes moet 'n praktiese evaluering sowel as 'n teoretiese eksamen slaag om opgegradeer te word. Die slaagpunt is 75%; prakties tel 2/3 en teorie 1/3.

7.1.2 Die slaagsyfer vir die teoretiese eksamen sal in alle gevalle 70% wees met dien verstande dat daar afsonderlike eksamens sal wees vir die onderskeie Provinsiale graderings;

- Leerling na Provinsiaal C
- Provinsiaal C na Provinsiaal B en
- Provinsiaal B na Provinsiaal A

7.1.3 Die slaagsyfer in die praktiese evaluering vir al die onderskeie graderings is 85%.

7.1.4 'n Beampte wat as aktiewe stoeier of afrigter spesialiseer moet ten minste een Beamptekursus per jaar bywoon om sy status as Provinsiale "C" Beampte te handhaaf. Die vergunning geld slegs wanneer 'n Afrigter S.A. Gradering het en ten minste 'n Provinsiale "C" gradering moet hê om sy status as Nasionale Afrigter te handhaaf of te verbeter.

Indien die Afrigter of Stoeier aanspraak wil maak op hoër gradering geld die normale reëls van gradering.

7.1.5 Sodra 'n beampte die provinsiale "C" gradering verwerf het, kan hy deur die Vereniging aangewys word om by die S.A. Kampioenskappe en proewe op te tree.

7.1.6 Om by die S.A. aangeleenthede op te tree, verstrek die Beampteraad die name van Beamptes wat geskik is, aan die Uitvoerende Bestuur deur wie die Beamptes aangewys word.

7.1.7 Om oorweeg te word vir gradering of om by S.A. aangeleenthede op te tree moet 'n Beampte ten minste 50% van die Provinsie se aangeleenthede aktief bywoon. Skriftelike vertoë kan in uitsonderlike gevalle oorweeg word. Erkenning word verleen aan Nasionale Kursusse.

7.2 Afgradering van 'n beampte na 'n laer gradering

7.2.1 'n Beampte wat versuim om, sonder aanvaarbare rede, elke jaar minstens een Beamptekursus by te woon en by minstens 50% van alle stoeibyeenkomste van die Vereniging op te tree, kan afgegradeer word.

7.2.2 'n Beampte wat nie in 'n betrokke jaar die Beampte eksamen en evaluering slaag nie kan afgegradeer word.

7.2.3 Dieselfde maatstawwe sal toegepas word by die oorweging van die afgradering van alle beamptes.

8. BEVOEGDHEDE

8.1 Die Voorsitter van die Beampteraad oefen beheer uit oor Beamptes by alle byeenkomste van die Vereniging en word bygestaan deur lede van die Beampteraad.

8.2 Indien die lede van die Beampteraad by 'n stoeitoernooi te min is om die aantal matte te beheer, kan die Voorsitter van die Beampteraad, in oorleg met sy Komitee, Beamptes aanstel wat vir die doel geskik is.

9. TUGSTAPPE

9.1 Die Beampteraad word die bevoegdheid verleen om in die volgende gevalle teen Beamptes op te tree, en waar nodig aanbevelings te maak vir die skraping, skorsing of ander stappe wat nodig mag wees.

9.1.1 'n Beampte wat hom skuldig maak aan gedrag strydig met die doelstelling van die SASF of NGS.

9.1.2 'n Beampte wat deur sy gedrag die aansien van Beamptes benadeel.

9.1.3 'n Beampte wat neerhalende aanmerkings maak, skreeu of advies aan deelnemers gee.

9.1.4 'n Beampte wat 'n mede-Beampte in die openbaar kritiseer of bespreek.

9.1.5 'n Beampte wat die reëls nie behoorlik toepas nie.

9.1.6 'n Beampte wat as gevolg van alkoholiese drank, ander afhanklikheidsvormende stowwe of enige ander middel wat hy gebruik het, 'n verleentheid vir stoei kan wees, of dit benadeel.

9.2 'n Beampte wat afgegradeer is of teen wie tugstappe geneem is het die reg tot appél na die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging.

10. VERGADERINGS

10.1 Vergaderings van die Beampteraad kan deur die Voorsitter van die Beampteraad, of in opdrag van die Uitvoerende Bestuur vir watter doel dit nodig mag wees, belê word.

11. NOTULE

11.1 Die Sekretaris sal behoorlike notules en presensielyste van alle Komiteevergaderings sowel as van die Jaarvergadering byhou.

11.2 'n Bywoningsregister waarin Beamptes se deelname aan die Vereniging se stoeitoernooie behoorlik opgeteken is, sal deur die Sekretaris op datum gehou word.

12. ERE-LIDMAATSKAP

12.1 Ere-lidmaatskap kan op aanbeveling van die Beampteraad, deur die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging aan 'n Beampte toegeken word, wat weens siekte, ouderdom of ander aanvaarbare rede, onaktief geword het. So 'n toekenning verleen nie die reg om as Beampte op te tree nie, maar verleen vrye toegang tot alle toernooie wat die Vereniging aanbied.

13. PERMANENTE STAKING VAN OPTREDE

13.1 Onder die volgende omstandighede kan 'n Beampte se Beamptestatus hom ontneem word:

13.1.1 Bedanking uit vrye wil.

13.1.2 Skrapping deur die Vereniging om grondige redes nadat die betrokke beampte ‘n behoorlike geleentheid gegun is om op enige bewering kommentaar te lewer.

13.1.3 Op versoek van 'n stoeiklub waarvan die Beampte 'n lid is, met behoorlik gemotiveerde en aanvaarbare redes nadat die betrokke beampte ‘n behoorlike geleentheid gegun is om op enige bewering kommentaar te lewer.

13.1.4 By skuldigbevinding aan ernstige wangedrag.

14. KLEURE EN TOEKENNINGS

14.1 Noord-Gautengse Beamptekleure kan op aanbeveling van die Beampteraad deur die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging aan 'n Beampte toegeken word.

14.2 Die kleure wat toegeken word, sal "Beampte" /”Official”as onderskrif hê.

14.3 'n Persoon onder skorsing of wat 'n opgeskorte vonnis uit diens sal nie vir kleure of 'n toekenning oorweeg word nie.

14.4 Die Beampteraad sal die registrasieregister wat behoorlik op datum gehou moet word, nagaan en aanbevelings vir Beamptekleure aan die Uitvoerende Bestuur voorlê.

14.5 Die Beampteraad kan ook ten opsigte van ander toekennings, aanbevelings aan die Uitvoerende Bestuur voorlê om oor te beslis.

15. ERE-KLEURE

15.1 Ere-kleure kan op aanbeveling van die Beampteraad, deur die Uitvoerende Bestuur toegeken word.

16. SPESIALE BEPALINGS

16.1 Lede van die Beampteraad moet so ver moontlik, alle proewe en kampioenskappe van die Vereniging bywoon.

16.2 Tydens die afwesigheid van die Voorsitter van die Beampteraad, tree die Vise-voorsitter van die Komitee as plaasvervanger op.

16.3 Sou die Vise-voorsitter ook afwesig wees, word 'n waarnemende Voorsitter van die Beampteraad aangewys deur lede van die Uitvoerende Bestuur wat teenwoordig is.

16.4 'n Beampte wie se Beamptekaart/boek as gevolg van sy eie toedoen nie op datum is nie, sal nie toegelaat word om tydens byeenkomste van 'n stoeiklub of die Vereniging op te tree nie.

16.5 Geen persoon mag tydens enige stoeibyeenkoms as 'n Beampte optree, as hy nie volgens die voorskrifte van die SASF geklee is nie.

17. REGLEMENT

17.1 Alle Beamptes en lede van die Beampteraad is ten alle tye onderworpe aan die voorskrifte van hierdie Reglement.

17.2 Hierdie Reglement kan slegs gewysig word deur middel van 'n 2/3 meerderheid stem van die Uitvoerende Bestuur van NGS behalwe waar die reglement in stryd is met die Grondwet in welke geval die reglement so spoedig moontlik dienooreenkomstig reggestel moet word.

17.3 Voorstelle vir die wysiging van die Reglement moet skriftelik gerig word aan die Beampteraad, wat sodanige voorstelle sal ondersoek en aanbevelings in verband daarmee aan die Uitvoerende Bestuur sal voorlê.

17.4 Lede van die Uitvoerende Bestuur van NGS, lede van die Beampteraad en elke stoeiklub in die Vereniging ontvang 'n afskrif van hierdie Reglement.

17.5 Indien reëls en voorskrifte in hierdie Reglement strydig is met reëls en voorskrifte van die Grondwet van die SASF of NGS, dan geld die reëls en voorskrifte van die Grondwet van die SASF of van NGS.

BYLAE IV

REGLEMENT VAN DIE AFRIGTERSKOMITEE

1. DOEL VAN DIE REGLEMENT IS OM:

1.1 Die bepalings van NGS se Grondwet wat tesame met die Grondwet van die SASF na te kom en uit te voer.

1.2 Ten alle tye 'n grondige studie van afrigting te maak en om in samewerking met SASAK gereeld op hoogte te bly van die jongste afrigtingsmetodes.

1.3 Gereeld deur middel van lesings, besprekings en demonstrasies, kursusse vir afrigters aan te bied en sodanige afrigters op hoogte te hou met die nuutste metodes en reëls vir stoei.

1.4 Afrigters die geleentheid te bied om skriftelik, mondelings en prakties eksamen af te lê totdat 'n Provinsiale "A" Status bereik is.

1.5 Afrigters jaarliks te gradeer volgens hul bekwaamhede, belangstelling en vordering soos deur die Afrigterskomitee waargeneem.

1.6 Provinsiale status van afrigters te bepaal en aanbevelings aan die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging vir goedkeuring voor te lê.

1.7 Waar nodig aanbevelings aan die Uitvoerende Bestuur te maak ten opsigte van reëls, gedrag, kleredrag en kentekens van afrigters.

2. VERKIESING EN SAMESTELLING VAN DIE KOMITEE

2.1 Die Afrigterskomitee word jaarliks tydens die algemene jaarvergadering van afrigters (wat voor die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging moet plaasvind) deur geregistreerde afrigters van die vereniging en wat by die jaarvergadering teenwoordig is verkies.

2.2 Behalwe die President van die Vereniging wat *ex officio* 'n lid van die Afrigterskomitee is, bestaan die komitee verder uit:

2.2.1 'n Voorsitter
2.2.2 'n Vise-voorsitter
2.2.3 'n Sekretaris
2.2.4 Twee Addisionele lede

3. KWALIFIKASIE VIR AFRIGTERSKOMITEE

3.1 Om tot die Afrigterskomitee verkies te kan word moet 'n lid 'n aktiewe Afrigter wees en vir ten minste twee jaar 'n Provinsiale "A" gradering as afrigter besit.

3.2 Skriftelike nominasies vir Afrigterskomitee moet minstens 30 (Dertig) dae voor die jaarvergadering van Afrigters, deur stoeiklubs by die Sekretaris van die Vereniging ingedien word.

3.3 Persone wat onder skorsing is of 'n opgeskorte vonnis uitdien sal nie kwalifiseer om genomineer te word nie.

3.4 Afrigters wat genomineer is sal deur die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging gekontroleer word, ten einde te verseker dat genomineerdes aan die neergelegde vereistes voldoen. Die name van die Kandidate wat kwalifiseer om op die Afrigterskomitee te dien moet minstens 7 (sewe) dae voor die Jaarvergadering van Afrigters, aan al die stoeiklubs gesirkuleer word.

3.5 Die Uitvoerende Bestuur kan self Afrigters wat kwalifiseer, maar wat nie deur 'n Klub genomineer is nie, op die lys van genomineerdes plaas. Sodanige genomineerde sal dan as lid van die Afrigterskomitee verkies kan word.

3.6 Die verkose Afrigterskomitee word aan die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vir kennisname voorgelê.

3.7 Indien ‘n vakature vir Voorsitter van die Afrigterskomitee ontstaan, word dit gevul deur middel van ‘n verkiesing tydens ‘n Spesiale Algemene Vergadering van die Afrigterskomitee en wat onder voorsitterskap van die Ondervoorsitter van die Afrigterskomitee vir hierdie doel belê is. Ander vakatures wat op die Afrigterskomitee mag ontstaan sal deur middel van ‘n verkiesing deur die Uitvoerende Bestuur, gevul word.

3.8 Die bepalings van subartikel 3.1 tot 3.5 is *mutatis mutandis* van toepassing in die geval van ‘n Spesiale Algemene Vergadering ingevolge subartikel 3.9.

4. STEMREG

4.1 Alle afrigers wat vir die betrokke jaar by NGS geregistreer en aktief opgetree het, sal stemgeregtig wees.

'n Afrigter word as aktief beskou indien hy:

4.1.1 'n Aktiewe Afrigter by 'n stoeiklub is en
4.1.2 ten minste een Provinsiale afrigterskursus per jaar bywoon.

4.2 'n Afrigter wat sonder aanvaarbare rede, nie aan die voorafgaande vereistes voldoen nie, sal as onaktief gegradeer word. Hy sal alleenlik in ere herstel word, nadat hy vir 'n tydperk van 1 (een) jaar aan die vereistes hierbo uiteengesit voldoen het, en weer 'n eksamen soos deur die Komitee gestel, suksesvol afgelê het.

4.3 Waar meer as een kandidaat vir dieselfde pos genomineer word sal stemming per geheime stembrief geskied.

5. LIDMAATSKAP EN PROSEDURE VAN REGISTRASIE

5.1 Lidmaatskap van Afrigters is beperk tot stoei-afrigters wat by NGS geregistreer is en ten minste 16 (sestien) jaar oud is.

5.2 Alle Afrigters moet jaarliks voor einde Februarie van die betrokke jaar registreer. Indien sodanige Afrigter na 31 Maart van die betrokke jaar registreer kan hy nie kwalifiseer vir opgradering in daardie jaar nie.

5.3 Bewys van registrasie en lidmaatskap van 'n ander stoei vereniging kan vir erkenning oorweeg word.

5.4 'n Aktiewe stoeier wat reeds 16 jaar oud is, kan as 'n Afrigter registreer en kan by stoeitoernooie as Afrigter optree.

6. REGISTRASIE EN ANDER GELDE

6.1 Die heffing van registrasie en ander gelde word van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging bepaal. Aanbevelings in die verband kan deur die Afrigterskomitee voorgelê word.

6.2 Lede van die Komitee word vrygestel van registrasiegelde op Provinsiale vlak.

7. GRADERING VAN AFRIGTERS

7.1 Die Afrigterskomitee word die bevoegdheid verleen om die gradering van Afrigters te bepaal en gradering word soos volg toegepas:

7.1.1 Provinsiale leerling
7.1.2 Provinsiale "C"
7.1.3 Provinsiale "B"
7.1.4 Provinsiale "A"

7.2 Vereistes vir hoër gradering

7.2.1 'n Leerling-Afrigter moet in die voorgeskrewe eksamen 'n gemiddelde van 50% behaal vir 'n "C" gradering in die volgende jaar.

7.2.2 'n Afrigter met 'n "C" gradering moet in die voorgeskrewe eksamen 'n gemiddelde van 70% behaal vir 'n "B" gradering in die volgende jaar.

7.2.3 'n Afrigter met 'n "B" gradering moet in die voorgeskrewe eksamen 'n gemiddelde van 80% behaal vir 'n "A" gradering in die volgende jaar, met ten minste 'n "C" gradering as Beampte. By gebrek aan 'n "C" gradering as Beampte, sal sodanige Afrigter as 'n "B" gradeer word.

7.2.4 Sodra 'n Afrigter die Provinsiale "A" gradering verwerf het, kan hy deur die Vereniging aangewys word om Nasionale kursusse by te woon.

7.2.5 Om vir Provinsiale spanne gekies te word verstrek die Afrigterskomitee die name van Afrigters wat kwalifiseer ingevolge die Grondwet van die Vereniging aan die Uitvoerende Bestuur, deur wie die Afrigters aangewys word.

7.2.6 'n Afrigter wat deur NGS gemagtig is om 'n Internasionale kursus by te woon, sal by bewyslewering van die suksesvolle aflegging van sodanige kursus een (1) jaar bykomende erkenning ontvang. Sodanige erkenning is slegs van toepassing ten opsigte van 'n Provinsiale "C", "B" en "A" graderings.

8. BEVOEGDHEDE

8.1 Die Voorsitter van die Afrigterskomitee oefen beheer uit oor Afrigters by alle byeenkomste van die Vereniging en word bygestaan deur lede van die Afrigterskomitee.

9. TUGSTAPPE

9.1 Die Afrigterskomitee word die bevoegdheid verleen om in die volgende gevalle teen Afrigters op te tree waar nodig, aanbevelings te maak aan die Uitvoerende Bestuur vir die skraping, skorsing of ander stappe wat nodig mag wees:

9.1.1 'n Afrigter wat hom skuldig maak aan gedrag strydig met die doelstellings van die SASF of NGS en waardeur die aansien van die sport benadeel kan word.

.

9.1.3 'n Afrigter wat deur sy ernstige wangedrag die aansien van die Afrigters en/of die sport benadeel.

9.1.4 'n Afrigter wat as gevolg van aanhoudende alkohol misbruik of die aanhoudende misbruik van enige ander middel, 'n verleentheid vir stoei kan wees of dit benadeel.

10. VERGADERINGS

10.1 Vergaderings van die Afrigterskomitee kan deur die Voorsitter of in opdrag van die Uitvoerende Bestuur vir watter doel dit nodig mag wees, belê word.

11. NOTULE

11.1 Die Sekretaris sal behoorlik notules van alle Komitee vergaderings sowel as van die Jaarvergadering byhou.

11.2 'n Bywoningsregister waarin Afrigters se deelname aan die Vereniging se Stoeitoernooie behoorlik opgeteken is sal deur die Sekretaris op datum gehou word.

12. ERE LIDMAATSKAP

12.1 Ere-lidmaatskap kan op aanbeveling van die Afrigterskomitee deur die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging aan 'n Afrigter toegeken word, wat weens siekte, ouderdom of ander aanvaarbare rede, onaktief geword het. So 'n toekenning verleen nie die reg om as Afrigter op te tree nie, maar verleen vrye toegang tot alle toernooie wat die Vereniging aanbied. Geen verdere registrasiegelde word deur sodanige Afrigter betaal nie, en sy bestaande gradering word gevries.

13. PERMANENTE STAKING VAN OPTREDE

13.1 Onder die volgende omstandighede kan 'n Afrigter se afrigterstatus hom ontneem word:

13.1.1 Bedanking uit vrye wil.

13.1.2 Skraping deur die Vereniging om gegronde redes nadat die betrokke Afrigter ‘n behoorlike geleentheid gegun is om op enige bewering kommentaar te lewer.

13.1.3 Versuim van 'n Afrigter om sonder aanvaarbare rede elke jaar minstens 1 (een) Afrigterskursus en twee stoei byeenkomste van die Vereniging by te woon en op te tree.

13.1.4 Op versoek van 'n stoeiklub waarvan die Afrigter 'n lid is, met behoorlike gemotiveerde en aanvaarbare redes nadat die betrokke Afrigter ‘n behoorlike geleentheid gegun is om op enige bewering kommentaar te lewer..

13.1.5 Aanhoudende alkohol misbruik of die misbruik van enige ander middel waardeur die aansien van die sport benadeel kan word.

13.1.6 Tensy 'n Afrigter tydens sy Militêre of SAPD opleiding aktief bly, kan sy gradering vir die tydperk van opleiding, gevries word.

14. KLEURE EN TOEKENNINGS

14.1 Noord-Gauteng Afrigterskleure kan op aanbeveling van die Afrigterskomitee deur die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging aan 'n Afrigter toegeken word.

14.2 'n Persoon onder skorsing of wat 'n opgeskorte vonnis uitdien sal nie vir kleure of 'n toekenning oorweeg word nie.

14.2.1 Die kleure wat toegeken word sal "AFRIGTER" /”COACH” as onderskrif hê.

14.2.2 Die Afrigterskomitee sal die registrasieregister wat behoorlik op datum gehou moet word, nagaan en aanbevelings vir Afrigterskleure aan die Uitvoerende Bestuur voorlê.

14.2.3 Die Afrigterskomitee kan ook ten opsigte van ander toekennings, aanbevelings aan die Uitvoerende Bestuur voorlê om oor te beslis.

15. ERE-KLEURE

15.1 Ere-kleure kan op aanbeveling van die Afrigterskomitee deur die Uitvoerende Bestuur toegeken word.

16. SPESIALE BEPALINGS

16.1 Lede van die Afrigterskomitee moet so ver moontlik alle proewe en kampioenskappe van die Vereniging bywoon.

16.2 Tydens die afwesigheid van die Voorsitter tree die Vise-voorsitter van die komitee as plaasvervanger op.

16.3 Sou die Vise-voorsitter ook afwesig wees word 'n waarnemende Voorsitter aangewys deur lede van die Uitvoerende Bestuur wat teenwoordig is.

16.4 'n Afrigter wie se Afrigtersboek as gevolg van sy eie toedoen nie op datum is nie sal nie toegelaat word om tydens byeenkomste van 'n stoeiklub of van die Vereniging op te tree nie.

16.5 Geen persoon mag tydens enige stoeibyeenkoms as Afrigter optree as hy nie in 'n sweetpak, 'n goedgekeurde stoeiklub, Provinsiale of Nasionale T-hempie en 'n paar draf of stoeiskoene geklee is nie. (Sweetpakbaadjies mag uitgetrek word).

17. REGLEMENT

17.1 Alle Afrigters en lede van die Komitee is te alle tye onderworpe aan die voorskrifte van hierdie reglement.

17.2 Hierdie reglement kan slegs gewysig word deur middel van twee derde meerderheid stemme van die Uitvoerende Bestuur van NGS behalwe waar die reglement in stryd is met die Grondwet in welke geval die reglement so spoedig moontlik dienooreenkomstig reggestel moet word..

17.3 Voorstelle vir die wysiging van die Reglement moet skriftelik gerig word aan die Afrigterskomitee, wat sodanige voorstelle sal ondersoek en aanbevelings in verband daarmee aan die Uitvoerende Bestuur sal voorlê.

17.4 Lede van die Uitvoerende Bestuur van NGS, Lede van die Afrigterskomitee en elke stoeiklub in die Vereniging ontvang 'n afskrif van hierdie Reglement.

17.5 Indien reëls en voorskrifte in hierdie Reglement strydig is met reëls en voorskrifte van die Grondwet van die SASF of NGS, dan geld die reëls en voorskrifte van die Grondwet van die SASF of NGS.

BYLAE V

REGLEMENT VAN DIE ADMINISTRATIEWE KOMITEE

ARTIKEL 1 DIE NAAM VAN DIE KOMITEE IS NGS ADMINISTRATIEWE KOMITEE, hierna die Administratiewe Komitee genoem.

ARTIKEL 2 LIDMAATSKAP:

Lidmaatskap is beperk tot Administratiewe beamptes van sestien (16) jaar en ouer wat by die Vereniging geregistreer is en permanent in die R.S.A. woonagtig is.

ARTIKEL 3 DOELSTELLINGS:

3.1 Om streng volgens die bepalings van die Vereniging se Grondwet te funksioneer.

3.2 Om te sorg dat voldoende Administratiewe beamptes opgelei word.

3.3 Om in samewerking met die Beampteraad kursusse vir Administratiewe beamptes aan te bied.

ARTIKEL 4 BEVOEGDHEDE:

4.1 Slegs die Administratiewe Komitee registreer Administratiewe beamptes.

4.2 Slegs die Administratiewe Komitee onderwerp Administratiewe beamptes aan mondelinge- en/of geskrewe eksamens.

4.3 Slegs die Administratiewe Komitee reik Noord-Gauteng Administratiewe beamptesertifikate uit.

4.4 Die Administratiewe Komitee lê die name van Administratiewe beamptes wat vir Noord-Gautengkleure en -erekleure kwalifiseer vir goedkeuring aan die Uitvoerende Bestuur voor.

ARTIKEL 5 VOORWAARDES VIR DIE TOEKENNING VAN DIE TITEL PROVINSIALE ADMINISTRATIEWE BEAMPTE:

5.1 Die titel van Provinsiale Administratiewe beampte mag toegeken word aan enige Administratiewe beampte wat aan die volgende vereistes voldoen:

(a) wat die kursusse wat deur die Administratiewe Komitee gereël is bygewoon het en die eksamens geslaag het en

(b) tydens toernooie van die Vereniging opgetree het.

ARTIKEL 6 GRADERING:

6.1 Aan kandidate wat die voorgeskrewe kursusse bygewoon, die eksamens geslaag en tydens toernooie van die Vereniging opgetree het kan die titel van Noord-Gauteng Administratiewe beampte in die volgende kategorieë toegeken word:

(a) Provinsiaal "C"
(b) Provinsiaal "B"
(c) Provinsiaal "A"

ARTIKEL 7 PROSEDURE:

7.1 Na die suksesvolle voltooiing van die kursus soos voorgeskryf, waartydens 'n gemiddeld van 75% behaal moet word kan die kandidaat as 'n "C" klas Administratiewe beampte gegradeer word.

7.2 'n "C" gegradeerde Administratiewe beampte wat die voorgeskrewe kursus bygewoon het en 'n gemiddeld van 80% behaal het en opgetree het by ten minste 50% van die Vereniging se toernooie, mag as 'n klas "B" Administratiewe beampte gegradeer word.

7.3 'n "B" gegradeerde Administratiewe beampte wat die voorgeskrewe kursus bygewoon het en 'n gemiddeld van 90% behaal het en opgetree het by ten minste 50% van die Vereniging se toernooie, mag as 'n klas "A" Administratiewe beampte gegradeer word.

(a) Geen Administratiewe beampte mag meer as een gradering per jaar ontvang nie.

(b) 'n Administratiewe beampte ontvang die gradering wat hy verwerf, eers aan die begin van die jaar wat volg op die een waarin hy die eksamen geslaag het.

(c) 'n Gegradeerde klas A of B Administratiewe beampte moet ten minste by 50% van die Vereniging se toernooie optree en die voorgeskrewe kursusse bywoon om sy gradering te behou.

(d) 'n Gegradeerde klas C Administratiewe beampte moet die voorgeskrewe kursusse bywoon om sy gradering te behou.

(e) Slegs klas "A" gegradeerde Administratiewe beamptes wat by 50% van die Vereniging se toernooie opgetree het word genomineer om die SASF se Administratiewe kursusse by te woon en eksamens af te lê om nasionale Administratiewe graderings te verwerf.

ARTIKEL 8 VERGADERINGS:

8.1 'n Vergadering van die Administratiewe Komitee mag deur die Voorsitter van die Administratiewe Komitee belê word wanneer dit nodig mag wees om sake i.v.m. die Administratiewe Komitee te bespreek.

8.2 Die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging kan opdrag aan die Administratiewe Komitee gee om 'n vergadering vir 'n besondere doel te belê.

ARTIKEL 9 KWORUM:

9.1 'n Kworum by enige vergadering van die Administratiewe Komitee sal die helfte van die lede plus een (1) wees.

9.2 By gebrek aan genoemde kworum sal die voorsitter die lede dertig (30) minute verdaag en die lede dan teenwoordig sal 'n kworum vorm en met die sakelys voortgaan.

BYLAE VI

REGLEMENT VAN DIE MEDIESE KOMITEE

Moet nog opgestel word

BYLAE VII

REGLEMENT VAN DIE SPANBESTUURDERSKOMITEE

ARTIKEL 1 Die naam van die Komitee is: NGS Spanbestuurderskomitee.

ARTIKEL 2 LIDMAATSKAP

Spanbestuurders van stoeiklubs wat by die Provinsie geregistreer is, is outomaties lede van die Komitee.

ARTIKEL 3 DOELSTELLINGS

3.1 Om in opdrag van die Provinsie en volgens die Grondwet van die Vereniging te funksioneer.

3.2 Om spanbestuurders op te lei en stoei in die provinsie en stoeiklubs te bevorder.

3.3 Om deur middel van kursusse die standaard en kennis van betrokkenes in verband met die stoeireëls, loting, prosedures, motivering en hantering van situasies wat gedurende toernooie mag ontstaan, te verhoog en verbeter.

3.4 Om in samewerking met die ander komitees kursusse vir spanbestuurders aan te bied en die geleentheid vir die aflegging van 'n eksamen daar te stel.

ARTIKEL 4 BEVOEGDHEDE

4.1 Die Spanbestuurder van die Provinsie is die voorsitter en word deur 'n komitee van drie lede bygestaan.

4.2 Alle spanoefeninge van die Provinsie sal onder beheer van die spanbestuurder staan.

4.3 Alle spanne wat reis, dit wil sê Stoeiers, Afrigters en Beamptes is onder beheer van die spanbestuurders.

4.4 Die spanbestuurders komitee onderwerp spanbestuurders aan 'n eksamen.

4.5 Die komitee lê die name van spanbestuurders wat vir kleure kwalifiseer aan die Uitvoerende Bestuur voor vir bekragtiging.

ARTIKEL 5 KWALIFIKASIE VAN TOEKENNING VIR PROVINSIALE KLEURE

5.1 'n Spanbestuurder wat by 'n Suid-Afrikaanse Kampioenskappe en/of proewe of ten minste by twee Provinsiale stoeitoernooie, vir 'n stoeispan van die Vereniging as spanbestuurder opgetree het en bevredigende diens gelewer het. Om as spanbestuurder verkiesbaar te wees moet 'n genomineerde persoon vier (4) jaar agtereenvolgens of ses (6) jaar onderbroke aktief betrokke by stoei in die Vereniging in enige hoedanigheid gewees het en;

5.2 In besondere verdienstelike gevalle enige persoon wat volgens die diskresie van die Uitvoerende Bestuur besondere voortreflike diens gelewer het.

ARTIKEL 6 KWALIFIKASIES

'n Spanbestuurder moet aan die volgende kwalifikasies voldoen om gekies te word:

6.1 Moet 'n spanbestuurderskursus bywoon (1 per jaar).

6.2 Moet jaarliks 'n spanbestuurderseksamen aflê en slaag (Slaagpunt 70%).

6.3 Spanbestuurders moet jaarliks voorgeskrewe kursusse bywoon.

6.4 Moet ten minste vier (4) jaar agtereenvolgens of ses (6) jaar onderbroke aktief betrokke wees by stoei in die vereniging.

6.5 Moet voldoen aan die bepalings van die spanbestuurderskomitee soos van tyd tot tyd neergelê.

ARTIKEL 7 DIE KOMITEE

Die Komitee bestaan uit die volgende lede:

7.1 Voorsitter
(Spanbestuurder van die Uitvoerende Bestuur)

7.2 Sekretaris
Word aangewys deur Uitvoerende Bestuur.

7.3 Twee addisionele lede.
Word aangewys deur Uitvoerende Bestuur.

ARTIKEL 8 KWALIFIKASIE NORME VIR BESTUUR

8.1 Bogenoemde lede in 7.2 en 7.3 moet deur stoeiklubs genomineer word en aan die Uitvoerende Bestuur voorgelê word vir goedkeuring.

8.2 Sodanige persoon moet reeds eksamen geslaag het, en Provinsiale kleure verwerf het.